IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA Ass. 2

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

SAAKNOMMER: CC 482/85

DELMAS

1986-04-07

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSORE: MNR. W.F. KRüGEL

PROF. W.A. JOUBERT

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 57

(Bladsye 2916 - 2999)

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

K174 HOF HERVAT OP 7 APRIL 1986.

MR BIZOS : My Lord, may I place on record that unfortunately Mr Serame Jacob Hlanyane, that is accused no. 15, has through the good officers of the district surgeon been admitted to hospital for certain tests this morning. It is not known for how long he is likely to be there, depending on the results of those tests and also Thabiso Andrew Ratsomo, accused no. 22, is also absent for a minor and not serious operation which was deliberately delayed for the short adjournment that Your Lordship took in the hope that he would have completely recovered by this morning, but unfortunately that has not come to pass. We ask accordingly that the proceedings proceed in their absence and as Your Lordship knows the nature of the evidence is such that it does not really personally affect them. In any event, we have general instructions and we ask the trial to proceed accordingly.

HOF : Enige beswaar, mnr. Jacobs?

MNR. JACOBS : Geen beswaar nie.

COURT : Yes, it is so ruled.

MR TIP : My Lord, the position is that a fairly extensive document of admissions has been compiled. The accused had scrutiny of it over the weekend and they have pointed out some minor errors that need to be corrected. There are also two further documents, one also fairly substantial, which is about to come off the press. There are one or two literally final items that need to be checked and certainly in the course of this week I can assure Your Lordship that they will be handed in to court. This one sooner than the others.

COURT : I look forward to that day.

NICOLAAS PRINSLOO LOUW, v.o.e.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS : Mnr. Louw, ek dra kennis

/ dat

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

dat u in 'n vorige saak of 'n deel van u getuienis in Engels gegee het. Ons kan baie vinniger gaan as ons dit in Engels doen. Dit sal onnodig vir die tolk wees om dit te tolk. Is u bereid om dit te doen? -- Ek wil graag liewers in Afrikaans praat, as dit moontlik is.

Goed so, ons sal so aangaan. Sal u saamstem dat daar ten minste groot verwarring was tussen die mense van Lekoa gedurende die maande Julie en Augustus in verband met die verhoging van die huurgeld? -- Ek sal nie sê daar was verwarring gewees nie. Daar kon ontevredenheid gewees het.

HOF : Wat was die maande wat u genoem het?

MNR. BIZOS : Julie en Augustus 1984. -- Ek sou saamstem miskien in die maand van Julie, want u weet die begrootvergadering was 29 Junie, maar die inligtingsvergadering het plaasgevind op 5 Augustus en net daarna, Maandag, die 6de, het ons die skrywes aan die mense beskikbaar gestel van huis tot huis, asook aan werkgewers. So, ek dink daar kon verwarring gewees het in die maand van Julie, maar ek glo nie in die maand van Augustus kon daar verwarring gewees het nie. Daar kon ontevredenheid gewees het.

Sal u sê dat ten minste gedurende Julie 1984 daar verwarring was in verband met die rede waarom die huurgeld verhoog moes word? -- Ek sou saamstem daarmee.

Byvoorbeeld is BEWYSSTUK AAQ(21) tot u kennis gebring gedurende Julie 1984? Het u dit tevore gesien? -- Ek het dit nie vantevore gesien nie.

Het u dit nie vantevore gesien nie? -- Nee.

Dit is alreeds in die rekord ingelees, maar laat ons net een of twee dele daarvan uitlees. "The Lekoa Town Council near Vereeniging has accepted the transfer of about 1,500 Black and White employees of the Orange Vaal Development

.../ Board

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

Board. The Council has also agreed to carry the financial responsibility which results from the transfer of the workers, said the mayor of Lekoa, Mr Esau Mahlatsi." There are two paragraphs which I do not want to read out to you. I do not think that they have bearing on it. "Announcing the Lekoa Town Council's acceptance of the transfer of the workers, Mr Mahlatsi said the new employees would not be financial burden of the Council which he said was on a sound monetary footing. Referring to the recent Council decision to increase the house rents by an average of R6,00 Mr Mahlatsi said this was necessary because of the need to engage new staff, since the change-over from a community council to a town council." Nou dat u dit lees, sal u sê dat wat hierin gepubliseer was korrek of inkorrek was? -- Ek wil net kwalifiseer, dit is die eerste maal wat ek hierdie berig self sien, maar daar was raadsbesluite en die getalle wat hier genoem word is heeltemal korrek. Die 1,500 is in daardie tyd oorgeplaas van die Ontwikkelingsraad af na die Stadsraad en die min of meer R6,00 verhoging was 'n groot deel daarvan vir die indiensneming van personeel. So, dit is heeltemal korrek.

So, u sal nie sê dat die burgemeester die publiek onder die verkeerde indruk gebring het in verband met die rede waarom dit nodig was dat die huurgeld verhoog word nie?-- Wel, hierdie is net 'n gedeelte van die rede. Die R6,00 is net 'n gedeelte daarvan. As ek kan verduidelik. Dit is eintlik 'n R5,90, maar die R5,90 was 'n saamgestelde pakket. Onder andere was dit 'n R17,8 miljoen in totaal begroting, die aankoop van nuwe voertuie en 'n deel daarvan was ook gewees om te finansier die aanstelling van personeel. So, hierdie is heeltemal waar. Dit is net 'n gedeelte. Ek weet nie wie die berig opgestel het nie.



Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

Sy naam is daar. -- Dit mag so wees.

Volgens u geheue is hierdie berig in die koerant op 10 Julie 1984 op enige manier ontken of uit 'n ander oogpunt gesien? Is daar enigiets gedoen of gesê om die mense van Lekoa te verwittig dat die rede vir die verhoging van die huurgeld is nie wat die burgemeester sê nie? -- Ek moet saamstem dat as hierdie berig tot my kennis gekom het, sou ek vir die Star geskryf het en gevra het dat hulle net 'n regstelling moes gemaak het in die sin dat die R6,00 nie net bedoel is om uitgawes te finansier vir indiensneming van personeel nie, maar dit ook ander elemente daarvan sou bevat het.

Is u antwoord op die vraag nee, daar is niks gedoen om dit reg te stel nie? -- Nee, daar is niks gedoen om dit reg te stel nie.

Die berig het in die Star verskyn. Sal u aanvaar dat die Star gelees word in die Lekoa gebied? -- Ja, ek sal dit aanvaar.

Was daar bewerings, ek vra u nie om te sê of die bewerings korrek was of verkeerd was nie, toe die Oranje-Vaal Raad sekere gebiede oorgeplaas het na die Rade, is dit beweer dat die mense van die Oranje-Vaal Raad nogtans in beheer sal wees? -- Daardie bewerings het nie na my toe gekom nie. Ek weet nie daarvan nie.

Het die beskuldiging van die raadslede dat hulle net koppe van die Raad sal wees nie tot u kennis gekom nie? -- Ek het daarvan gelees in die koerant, maar op geen stadium was daar amptelike sulke vertoë aan die Raad gerig nie.

Sal u saamstem dat as 'n mens die berig gelees het en geglo het - hulle geglo het dat die rede waarom die huurgeld verhoog is, is om die amptenare te betaal? -- As 'n mens die koerantberig lees soos hy hier is, kan 'n mens net een ding verstaan

/ en

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

en dit is dat die R6,00 bedoel is om nuwe indiensnemings mee te finansier.

Toe die begroting gedebatteer was in die raadsaal, was dit aan al die raadslede verduidelik dat een van die redes vir die verhoging van die huurgeld was die verplasing van die werknemers van die Raad?

HOF : Die oorplasing van werknemers van die Raad na die - van die Ontwikkelingsraad na die Stadsraad toe, dat dit 'n rede was vir die verhoging van die huurgeld. Was dit so verduidelik aan die lede van die Raad, van die Stadsraad? -- Op 29 Junie toe ons die raadsvergadering gehad het, kan ek my herinner dat die burgemeester in sy opsomming gesê het onder andere sou die R6,00 of die R5,90 wel betaal het vir die indiensneming van nuwe persone asook om die lopende administrasie mee te finansier wat gedoen word uit mense wat gesekondeer is van die Ontwikkelingsraad aan die diensstaat van die Stadsraad.

MNR. BIZOS : Het enige lid van die Stadsraad gevra watter deel van daardie verhoging vir daardie doeleindes was? -- Nie wat ek van kan onthou nie. Daar was nie 'n spesifieke vraag nie.

Is u in staat om vir Sy Edele te sê watter deel van die amper R6,00 verhoging vir daardie doeleindes was? -- Ek sal nie kan sê watter deel presies daarvan nie. Ek is ongelukkig nou nie die Stadstesourier wat daardie inligting in detail kon gee nie, maar dit moet 'n baie klein gedeelte was, alhoewel 'n klein gedeelte relatief 'n groot gedeelte kan bedra, want ons praat van 'n begroting van R39 miljoen. 'n Klein deeltjie kan 30,000 huise maal 12 wees en op die uiteinde kan dit 'n groot bedrag wees, maar die persentasie van die R5,90 wat spesifiek bedoel was om die personeelbegroting mee te finansier,

... / dit

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

dit kan ek nie vir u sê nie, maar dit kan 'n relatiewe klein gedeelte was.

Maar u kan nie sê wat dit was nie? -- Nee, ek kan nie sê nie, nie in detail nie.

Ons is deur mnr. Matthysen gesê in die getuiebank dat 15% van die inkomste van die Stadsraad oorbetaal moet word aan die Administrasieraad. Is dit aan die raadslede gesê by die vergadering waarin die begroting gedebatteer was? -- Ek kan nie onthou dat dit so in detail uitgespel was nie.

By die vergadering van 29 Junie het een of ander van die raadslede gevra of dit nou heeltemal nodig was om al 1,500 van die mense se oorplasing te aanvaar? -- Nee, daar was geen so 'n vraag gewees nie.

Wie se besluit was dit om 1,500 mense na die Stadsraad oor te plaas? -- Ek moes vir u sê dat as die mense nie oorgeplaas was nie, sou die Stadsraad nie kon gefunksioneer het nie. Dit is 'n bestaande groep mense wat net aan die Stadsraad beskikbaar gestel is deur die Ontwikkelingsraad om aan te gaan met die werk van die nuwe Stadsraad.

Sal u my vraag antwoord, asseblief? -- Ek sal probeer.

Wie se besluit was dit? -- In daardie stadium was dit nog nie 'n besluit gewees nie. Dit was onderhandelings tussen die nuwe Stadsraad en die Oranje-Vaal Ontwikkelingsraad om by wyse van 'n memorandum van ooreenkoms mense beskikbaar te stel aan die Stadsraad van Lekoa op 'n gesekondeerde basis ingevolge die Wet op Swart plaaslike besture. Daardie ooreenkoms is eers later van tyd finaliseer.

HCF : Kan ek net duidelikheid kry. Op watter datum het die Lekoa Stadsraad begin funksioneer? -- 1 Januarie 1984.

Nou, op 1 Januarie 1984, is daar op daardie datum amptenare gesekondeer? -- Hulle was nog nie gesekondeer nie.

... / Hulle

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

Hulle was in die proses van sekondering. Hulle was nog nie gesekondeer nie.

Maar kyk, ek het 'n probleem. Iemand moet tog die werk doen. Die werk kan nie gelaat word nie. Toe hulle die werk gedoen het in die eerste week van Januarie, namens wie het hulle dit gedoen? Namens die Ontwikkelingsraad of namens die Stadsraad? -- Hulle het dit gedoen namens die Stadsraad.

Was hulle dan in diens van die Stadsraad of in diens van die Ontwikkelingsraad? -- Hulle was in diens van die Ontwikkelingsraad.

Dus het die Ontwikkelingsraad in die oorgangstadium die dienste aan die gang gehou totdat die amptenare gesekondeer kon word? -- Dit is korrek.

MNR. BIZOS : Op 10 Julie, toe die berig gepubliseer is waarvan ons in AAQ(21) lees, was daar 'n besluit geneem dat 1,500 mense oorgeplaas word? -- Sover ek kan onthou was daar aan die begin van Julie met die nuwe finansiële jaar van die Stadsraad van Lekoa 'n versoek van die Stadsraad aan die Ontwikkelingsraad om die mense wat tans die diens doen, om hulle amptelik te sekondeer aan die diens van die Stadsraad.

Wie se besluit was dit? -- Dit was 'n besluit van die Stadsraad gewees.

By watter vergadering? -- Ek praat onder korreksie, ek weet nie in daardie stadium of daar 'n verslag was nie, maar dit was in die loop van onderhandelings tussen die Stadsraad en die Oranje-Vaal Ontwikkelingsraad dat die mense wat die werk doen vanaf 1 Januarie, soos U Edele verduidelik het, dat daar 'n proses is van versoek aan die Ontwikkelingsraad om daardie persone aan die Stadsraad van Lekoa beskikbaar te stel, maar ek kan nie onthou of daar in Juniemaand al so 'n verslag voor die Stadsraad was nie.

..... / Was

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

Was daar ooit 'n besluit voor 1 Julie om al die 1,500 mense in die diens van die Stadsraad oor te plaas? Was daar 'n besluit van die Raad? -- Ek kan nie spesifiek so onthou nie. Ek sal moet gaan kyk. Dit mag wees, maar ek twyfel. Ek glo nie.

Het geeneen van die 39 raadslede op enige vergadering van die Raad gevra "Maar menere, laat ons nou op die vraagstuk ingaan of dit heeltemal nodig is om 1,500 se oorplasing te aanvaar of nie"? Is dit ooit gesê of was daar ooit enige gesprek daaroor? -- In daardie stadium tot in Juniemaand kan ek nie onthou dat daar wel so 'n verslag was nie. Al wat ek weet is, dit was 'n proses gewees wat ons 'n nuwe begrotingsjaar begin het, wat ons geld moes voorsien het vir die finansiering van 'n personeelbegroting en kon dit dalk net terloops gesê gewees het dat die finansiering vir die personeelbegroting vir die 1984/85 boekjaar impliseer die tydelike sekondering van amptenare van die Ontwikkelingsraad na die diensstaat van die Stadsraad en dat daar mettertyd 'n memorandum van ooreenkoms voorgelê sal word waarin die Ontwikkelingsraad onder sekere omstandighede en voorwaardes amptenary beskikbaar sal stel aan die Stadsraad van Lekoa.

Is daar ooit so 'n ooreenkoms geteken tussen die twee rade? -- Daar is later van tyd so 'n ooreenkoms geteken.

Wanneer? -- Ek vermoed dit was in die begin van 1985. Ek wil dit net graag kwalifiseer. Die memorandum van ooreenkoms betreffende die beskikbaarstelling van personeel was 'n lang uiteengerekte onderhandeling gewees omdat die ooreenkoms onder andere deur die werknemersvereniging van die Ontwikkelingsraad goedgekeur moes gewees het en dit moes deurgegaan het na die Ontwikkelingsraad vir goedkeuring, die Stadsraad moes dit goedkeur en dit was onderhewig aan die goedkeuring van die Departement van Samewerking en Ontwikkeling en in die voorlegging



Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

van die ooreenkoms, het ons dit, as ek reg kan onthou, drie maal terugverwys na die Oranje-Vaal Ontwikkelingsraad toe vir verskillende veranderings, verskillende wysigings van die ooreenkoms en daarom het dit 'n redelike lang tyd geneem voordat die finale memorandum van ooreenkoms met al die wysigings finaal goedgekeur was, maar dit was nie in Juniemaand 1984 al ter sprake·nie.

Hoeveel mense is uiteindelik oorgeplaas volgens daardie memorandum? -- Daar is twee soorte van personeel. Ek wil dit net duidelik stel. Die een groep is Swartpersoneel. Ingevolge die Wet op Swart Plaaslike Bestuur het jy twee groepe van personeel. Jy het personeel wat jy oorplaas en dan het jy personeel, dit kom nie baie duidelik daarin uit nie, maar ons weet almal dit is so, ingevolge artikel 35 word personeel gesekondeer en dit is die Blankepersoneel wat gesekondeer is en alle Swartpersoneel, ek sou sê van die 1,500 is omtrent 1,400 amptenare Swart wat oorgeplaas is en die ander 100 is Blanke-amptenare wat gesekondeer is en daardie memorandum van ooreenkoms betreffende die sekondering van personeel, dit is die memorandum wat omtrent vier maal heen en weer terugverwys is. Die Swartpersoneel is "lock, stock and barrel" <u>holus-bolus</u> oorgeplaas maar die Blankepersoneel was gesekondeer vir sekere redes.

Het enige lid van die Raad by enige vergadering gesê dat ons het nie die Blankes nodig om gesekondeer te word deur die Administrasieraad nie? -- In daardie stadium was daar geen so 'n bewering gemaak gewees nie, geen so 'n versoek gewees nie.

Ek praat nie van 'n bewering nie, maar van 'n voorstel? -- Die voorstel het eers in Januarie 1986 gekom, maar in daardie tyd in 1984 was daar nie so 'n voorstel gewees nie.

<u>HOF</u> : Watter voorstel het in Januarie gekom? -- In 1986 het

... / hulle

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

hulle gesê alle Blankepersoneel wat gesekondeer is, moet nou ingevolge artikel 36 oorgeplaas word, want 'n mens kan nie twee Here dien nie. Dit kom daarop neer dat as jy gesekondeer is, dan het jy 'n naelstringklousule, jy hou vas aan die moederliggaam maar jy lewer jou diens aan die Stadsraad en die Stadsraad het nou versoek dat daardie sekondering nou opgeskort moet word en die mense moet heeltemal oorkom, maar dit was eers in 1986 gewees.

MNR. BIZOS : Maar nou uself, gedurende Junie, Julie en Augustus 1984 het u dit beskou dat u twee Here dien? -- Ek is aangestel as stadsklerk. Ek het aansoek gedoen vir die pos. So, ek was aangestel - daar was omtrent vyf applikante gewees en ek was 'n aansoeker en op 25 Maart het hulle my aangestel. "They appointed me." Hulle het my aangestel, maar omdat die Stadsraad van Lekoa op die tydstip toe ek aangestel is bepaalde byvoordele nog nie gehad het nie, hulle het nog nie 'n pensioenfonds gehad nie, hulle het nie 'n groepsversekering gehad nie, hulle het nie 'n mediese fonds gehad nie, hulle het nie 'n werknemersvereniging gehad nie, het die Departement in Pretoria gesê, mnr. Louw "Jy is tydelik gesekondeer tot tyd en wyl jou Stadsraad sy byvoordele gekry het en dan is jy aangestel," maar om my te beskerm om die byvoordele te behou van die moederliggaam waar ek vandaan kom, het hulle gesê "Jy is aangestel", maar hulle het dit gekwalifiseer deur te sê "Jy bly tydelik gesekondeer totdat jy byvoordele by die Stadsraad gekry het en daarna is jy heeltemal oor."

U het die Stadsraad as die moederorganisasie beskou? -- Op papier het ek dit seker so beskou, maar in die gees was dit nooit so gewees nie. Ek is nou nog gesekondeer, want al die byvoordele is nie uit nie. Ek dien een werkgewer en dit is die Stadsraad van Lekoa. Daar is geen twyfel eers daaroor

/nog

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

nie.

Was u woorde dat u het die Ontwikkelingsraad as die moeder-organisasie beskou? -- Wat myself aanbetref?

Ja? -- Nee, by verskillende openbare platforms het ek gesê aan die gehoor ek is aangestel deur die Stadsraad en nie gesekondeer nie, ek is aangestel. U moet dit net asseblief in daardie konteks verstaan. Ek het nie die Ontwikkelingsraad enigsins meer gesien as 'n moederliggaam nie, behalwe vir die behoud van byvoordele, maar ek het die Stadsraad gehonoreer as my werkgewer en ek het geen versoeke of geen opdragte meer geneem van die hoof-direkteur of van die Ontwikkelingsraad nie, geensins.

ASSESSOR (MNR. JOUBERT) : Was u tevore in diens van die Ontwikkelingsraad? -- Ek was 'n Ontwikkelingsraadamptenaar gewees.

MNR. BIZOS : U was welbekend as 'n werknemer van die Ontwikkelingsraad van 1977 af? -- Dit is korrek.

HOF : Wat was u funksie daar? -- Ek was assistent-direkteur by die Departement Gemeenskapsdienste in daardie stadium.

MNR. BIZOS : En in daardie hoedanigheid het u vir mnr. George Thabi, mnr. Matjila en mnr. Mahlatsi goed geken? -- Ek het hulle goed geken. Hulle was raadslede.

Sal u in staat wees om te erken of te ontken dat u deur die gewone mense in Lekoa nogtans gedurende 1984 as 'n persoon wat baie naby die Ontwikkelingsraad gestaan het, beskou is? -- Ek sal dit erken.

Was u verantwoordelik vir die opstel van BEWYSSTUK AAQ(19)? -- Ek was verantwoordelik vir die opstel van hierdie dokument, in oorleg met die Stadstesourier, in oorleg met die direkteur van finansies van die Ontwikkelingsraad.

Waarom is dit nie in hierdie dokument, in die memorandum regoor die eerste bladsy - waarom is daar geen melding daar

..../ dat

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

dat een van die redes waarom die huurgeld verhoog moes word is dat 1,500 mense oorgeplaas was nie? -- Dit is uitgelaat om die rede dat ons die R5,90 hoofsaaklik wou koppel aan die kapitale projekte wat visueel sigbaar is sodat die inwoners kon sien hier is R17,8 miljoen kapitale projekte vir teer van paaie, straatbeligting ensovoorts, maar ons het nie die personeel in daardie stadium so hoog aangeskryf as 'n rede, soos u nou gesê het die 15% deel daarvan is vir die R5,90 nie.

Is dit nou nie regverdig teenoor die mense as julle nou besluit het om inligting te gee om die hele waarheid te praat en te sê "Kyk, 5% van ons inkomste gaan na die Ontwikkelingsraad toe" nie? -- Die doel van die brief was nie gewees om die hele begroting in detail vir die mense uit te spel nie. Wat ons wou doen is een ding, dit was 'n nuwe Stadsraad, die Stadsraad moes homself inkleur in die oë van die mense wat hom verkies het deur vir die mense te wys die R5,90 waarvoor is dit hoofsaaklik en dit is om die lewensstandaard van die mense in die verskeie woongebiede te laat verbeter en dit is die enigste rede waarom ons nie die 1,500 mense en die 15% wat gaan vir lone in hierdie begroting, in hierdie dokument spesifiek vir die inwoner probeer uitspel het nie.

Het ek u goed verstaan? U wou 'n bietjie suiker oor die pil gooi? -- Ja, suiker op die pil gooi. Ons wou net die Stadsraad se aanklank in die mense se verstand verbeter het.

U sê ook "The regular cleansing of the townships and the erection of an office complex for the Town Council of Lekoa to mention only a few." -- Laat ons net in alle redelikheid die hele paragraaf lees. "Included in the above increase of R5,90 per month is expenditure for a capital program of R17,8 million which provides for the electrification of more houses, provision of services to an industrial parking Zone 10, Sebokeng



Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

and Sharpeville and self-built stands, tarring of roads, the improvement of sport facilities, the purchasing of vehicles for the more regular cleansing of the townships and the erection of an office complex for the Town Council of Lekoa, to mention only a few." In alle redelikheid is dit 'n nuwe Stadsraad. Ons het nog nie 'n sentrale kantoor gehad nie. Ons het geopereer vanaf die Ontwikkelingsraad se geboue en om vir die persone te beduie waarvoor is die R17,8 miljoen het ons dit in telegramstyl vir die mense uitgespel en onder andere was die laaste kapitale projek oprigting van 'n sentrale kantoor vir die Stadsraad wat heeltemal 'n redelike kapitale projek was.

Was u of die Raad van plan om met die projek van die kompleks vir die Stadsraad voort te gaan toe u die memorandum geskryf het? -- Dit was in die beplanningstadium vir die 1984/85 boekjaar om sentrale kantoorkompleks met 'n belastingsaal en 'n raadsaal en al die geriewe daar te stel in die Sebokeng woongebied.

Was die R5,90 - was een van die redes vir die R5,90 om die Stadsraadkompleks te bou? -- Dit was die idee gewees.

Ek moet aan u stel dat u nie ernstig kon gewees het in verband met die rede waarom die verhoging voorgestel was nie, omdat mnr. Matthysen vir ons gesê het dat daardie plan geskraap was?

HOF : Wag net 'n oomblik. Mnr. Matthysen het vir ons twee dinge gesê, mnr. Bizos. Eers het hy gesê die plan is geskraap en later in die getuienis het u vir hom aangedui dat dit nie korrek is nie en toe het dit geblyk dat daar eintlik net die fondse oorgeplaas was, dat hulle 'n ander bron van fondse gevind het, maar dat die plan mee voort sou gegaan word.

MNR. BIZOS : Maar die R5,90 was nie vir daardie doeleindes

/ nie

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

nie.

HCF : Dit is iets anders, maar wat u nou aan die getuie stel is dat daar afgesien is van die bou van die kantoorkompleks, maar dit is nie so nie.

MNR. BIZOS : Mnr. Matthysen het vir ons gesê dit was nie reg dat die kompleks uit daardie bronne sou kom nie? -- Dit kan ek moontlik so antwoord, dat wat die advokaat hier sê dat die R5,90 was nie bedoel gewees om die sentrale kompleks - kantoorkompleks mee te finansier nie?

Wat ek met respek aan u stel is dit. Ons het die burgemeester wat in 'n koerant gesê het dat dit is vir die mense wat oorgeplaas was. Ons het 'n brief wat ten minste van 'n plan praat om 'n Stadsraadsaalkompleks te bou. Sal u nie nou saamstem dat daar ten minste groot verwarring was tussen die mense in verband met die rede waarom daar van hulle verwag was om hoër huurgeld te betaal nie? -- Nee, ek sal nie daarmee heeltemal saamstem nie.

Nie heeltemal daarmee saamstem nie? -- Nee, ek sal nie daarmee saamstem nie.

Waarom nie? -- As 'n mens in detail sou ingegaan het, soos wat u nou daarop sou ingegaan het, dan kon hulle miskien daardie twee raakpunte getref het in die eerste plek. Dit was 'n koerantberig gewees, 'n eensydige koerantberig.

Waarom is dit eensydig? -- Omdat dit net een deel van die waarheid spreek en dit is dat 'n gedeelte daarvan bedoel was, 15% van R6,00 was bedoel om 'n personeelbegroting mee te finansier, maar as dit 'n objektiewe berig sou gewees het, kon hulle darem ook gesê het van al die ander dinge wat die R6,00 sou betaal het.

Ek sê net vir u wat die burgemeester gesê het. Waarom is dit nie objektief nie? Is u in staat om te erken of te



Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

ontken dat dit is wat die burgemeester gesê het? -- Ek was nie by gewees toe hy daardie verklaring gemaak het nie.

U het vir ons gesê dat mense kans gehad het om skriftelik beswaar te maak teen die verhoging van die huurgeld tot 15 Augustus? -- Dit is korrek.

Toe u bewysstuk uitgestuur het, AAQ(19), waarom is daardie feit nie in die brief vervat nie? -- Omdat daar 'n formele advertensie geplaas was in die Rand Daily Mail en die Vaderland op 1 Augustus.

Maar terwyl u besig was om daardie advertensie op te stel, was u ook besig om hierdie brief en memorandum op te stel? -- Dit is korrek.

Waarom was daar van die burger verwag dat hy 'n klein advertensie in die Rand Daily Mail of die Vaderland moes sien, as u besig was om 'n brief te skryf? Waarom het u nie in daardie brief net een sinnetjie bygevoeg en gesê "As julle besware het, skryf vir ons asseblief voor 15 Augustus" nie? -- Die regsprosedure sê net dat by 'n verhoging van huurgeld moet dit amptelik geadverteer word in 'n koerant wat ons wel gedoen het. So, ons het daaraan voldoen en hierdie omsendbrief was opgestel gewees by wyse van 'n raadsbesluit, wat ek wel gedoen het. So, in alle redelikheid teenoor myself en die personeel het ons albei kante gedoen. Ons het die raadsbesluit volbring en ons het dit in die pers amptelik geadverteer.

Sal u saamstem dat die advertensie 'n baie klein advertensie was in die twee koerante? -- Al sodanige advertensies is normaalweg klein. Dit kom in die advertensiekolomme voor en ons het nie gevra vir groot druk letters nie. Ons het net gevra om dit te adverteer en dit was geadverteer gewees.

Is hierdie die advertensie? -- Dit is korrek.

... / HOF

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

HOF : BEWYSSTUK AAQ(22).

MNR. BIZOS : Dit is 'n advertensie in die Rand Daily Mail in Engels en dieselfde advertensie in Afrikaans beide gepubliseer op 1 Augustus 1984? -- Dit is korrek.

Wat ek nie kan verstaan nie is waarom dit so gedruk is "Town Council Lekoa Development Board Sebokeng." Wat beteken dit? -- Dit is ongelukkig een van daardie drukkersduiwels. Dit is die pers wat dit ongelukkig so gedruk het. Ek kan vir u sê, ek vermoed, ek praat onder korrek, ek dink dit gaan by wyse van 'n teleks. Daar is net een teleksmasjien en dit is die Ontwikkelingsraad se teleksmasjien wat ons ook maar gebruik en toe het die ding by die koerant uitgekom via 'n teleks en hulle het gesê dit kom van die Ontwikkelingsraad af en dit is waarom die persoon wat die finale kennisgewing opgestel het die Ontwikkelingsraad se naam ook op 'n manier in die advertensie ingevleg. Dit gebeur daagliks nog.

Ek wil aan u stel dat nie een van die mense met wie ons gekonsulteer het hierdie advertensie ooit gesien het nie. Dit is 'n afskrif wat u vir ons gegee het. Is dit nie? -- Dit is 'n afskrif wat ons vir u gegee het.

HOF : Laat ek net daarna kyk. Maar nou waarom staan daar onder aan die advertensie "Town Council of Lekoa Orange-Vaal Development Board DC Ganz director." In Afrikaans is dit "Hoofdirekteur DC Ganz stadsklerk van Lekoa Oranje-Vaal Ontwikkelingsraad." Mnr. Ganz het tog niks te make met die Stadsraad nie? -- U is heeltemal korrek. In daardie stadium is alle regswerk en alle komiteewerk gedoen deur die Ontwikkelingsraad namens die Stadsraad en dit is waarskynlik waarom dit so gelees het. In die tussentyd het ons al ons komiteewerk self oorgeneem asook ons regswerk. Die enigste rede daarvoor is dat die Ontwikkelingsraad in daardie stadium nog

... / die

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

die werk namens die Stadsraad gedoen het.

MNR. BIZOS : As mense wel die advertensie gesien het, sou hulle nie tot die slotsom gekom het dat dit die Ontwikkelingsraad was wat "called the shots", as ek so mag sê?

HOF : Wat die sweep klap? -- Ek stem saam, dit kon daardie indruk geskep het by die leser.

MNR. BIZOS : En dit sou heel waarskynlik gehelp het om die algemene mening te vorm in die gemeenskap dat die raadslede net poppe was?

HOF : U het natuurlik die probleem dat as niemand dit gelees het nie, niemand daardie indruk kon kry nie.

MNR. BIZOS : Nee, ek het net gesê die mense met wie ons gekonsulteer het, maar dat daar wel mense was wat die advertensie gelees het? -- As hulle die advertensie reg gelees het sou hulle ook die inhoud van die advertensie gelees het en dit is dat hulle besware kan indien by die Hoof Uitvoerende Beampte van die Stadsraad van Lekoa. Ek glo nie hulle het net DC Ganz gelees nie. Ek glo as hulle hom heeltemal gelees het, kon hulle miskien 'n begrip gekry het dat hulle besware kan indien by die Stadsraad se stadsklerk.

Ons weet van u hoofgetuienis dat nie een van die kwartmiljoen mense in Lekoa het enige skriftelike besware gemaak as gevolg van die advertensie nie? -- As ek mag, kan ek net sê, op 'n punt van redelikheid, op 18 September toe ons nou besluit het - dat die Stadsraad besluit het dat die bestaande tariewe gepubliseer moet word, sonder die R5,90, met ander woorde die bestaande, het ons dit ook geadverteer en daar was ook geen beswaar gewees daarteen nie.

Die feit dat daar geen persoon beswaar gemaak het nie, het dit vir u die indruk miskien gegee dat òf die mense het nie kennis geneem van die feit dat hulle beswaar kan maak nie, òf



Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

hulle het geen vertroue gehad in die persoon aan wie die beswaar gemaak moes word nie? -- Ek kan nie sê wat se indrukke hulle gekry het nie. Al wat ek weet is, die mense het nie beswaar gemaak nie, hoewel hulle beswaar kon maak en omdat hulle dit nie gedoen het nie, kan ek nie op hierdie stadium sê wat my indrukke was hoekom hulle dit nie gedoen het nie.

Het u geweet dat gedurende die laaste week van Julie en gedurende Augustus daar duisende mense by algemene vergaderings streng beswaar gemaak het teen die verhoging van die huurgeld? -- Ek het daarvan gelees in die koerante. Ek het dit redelik dikwels gelees en as die mense die advertensie sou gelees het, neem ek aan hulle sou darem seker 'n beswaar kon geloods het, maar niemand het amptelik 'n beswaar aangeteken nie, alhoewel die koerante daarvan vol was.

Toe u die berigte in die pers gelees het, het u nie miskien tot die slotsom gekom dat daar iets verkeerd is nie? Daar is geen besware nie en ons hoor van duisende mense wat beswaar maak by algemene vergaderings? -- Dit lui nou 'n klokkie by my. Ek kan nie onthou of dit die Post of die Sowetan was nie, ek dink dit was die Sowetan, wat die advertensie in die Rand Daily Mail gesien het en toe 'n paar dae daarna het hulle 'n berig in die Sowetan geplaas deur te verwys na die advertensie in die Rand Daily Mail en dat die mense kan beswaar aanteken en nieteenstaande daardie feit dat die Sowetan 'n berig geskryf het oor die advertensie in die Rand Daily Mail het daar nogtans geen beswaar ingekom nie. So, ek kan dit nie verklaar nie. As u my tyd sou gun, sal ek daardie koerantberig gaan opsoek in die Sowetan.

Ja, u kan dit doen. -- Dit is vir my snaaks dat hulle nie gekla het nie.

Het u of die Stadsraad enige kennis geneem by enige

... / vergadering

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

vergadering van die feit dat daar berigte was dat daar duisende mense streng beswaar gemaak het by algemene vergaderings? -- Dit was nooit by 'n Stadsraadvergadering geopper nie. Dit was nie daar bespreek nie. Daar was nie amptelik kennis geneem daarvan nie.

Was die plan dat elke raadslid 'n vergadering by sy wyk sou hou op 5 Augustus? -- Dit was die idee gewees en daar was ook so 'n besluit geneem gewees deur die Stadsraad.

Het u verslae van die raadslede gekry na 5 Augustus dat daardie vergadering gehou was en dat dit wel bygewoon was en dat daar geen moeilikheid was nie en al die mense tevrede was met die verhoging van die huurgeld? -- Ek kan nie onthou dat dit by 'n amptelike raadsvergadering - as dit op 5 Augustus was, dan moes die volgende vergadering plaasgevind het die einde van Augustus en ek kan nie onthou dat dit by daardie raadsvergadering so genotuleer was nie, maar die algemene terugvoer wat ek gekry het van raadslede af, was dat daar geen besware in die verskillende wyke was nie, maar ek wil dit darem kwalifiseer in alle redelikheid teenoor die Hof en dit is dat daar geen terugvoer vergadering in Bophelong was nie.

Ja, ons weet daarvan. Weet u van u eie persoonlike kennis of daar wel op 5 Augustus by elke wyk 'n vergadering gehou was of nie? -- Ek kan nie sê in al die wyke nie, maar ek weet in die algemeen - as ek sê in die algemeen, ons het 39 wyke waarvan ek spesifiek weet drie wyke het nie gehad nie, dan bly daar 36 oor. Nou kan ek nie vir u sê of al 36 wyke op 5 Augustus 'n vergadering gehad het nie. Ek kan dit nie konstateer nie, bevestig nie.

En u kan seer seker ook nie sê uit u eie kennis of daardie vergaderings swak of goed bygewoon was nie? -- Ek was

..../nie

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

nie self by die vergaderings op Sondagoggend, 5 Augustus nie. In daardie verband sou ek redelik - sou ek liewers versoek dat die indiwiduele raadslede gevra moet word wat die toedrag van sake is, maar ekself kan dit nie bevestig nie.

U kan daardie aspek aan ons oorlaat. -- Baie dankie.

As u nou terugdink na die tragiese gebeurtenis wat op 3 September plaasgevind het, sal u sê dat u en u Raad op 'n redelike manier opgetree het in verband met die verhoging van huurgeld? -- Ek sou sê ons het redelik opgetree, heeltemal redelik opgetree.

U het alles gedoen wat gedoen moes word en u het niks vermy wat gedoen moes word nie? --In daardie omstandighede waarin ons opgetree het, het ons net so opgetree soos in die sewe vorige jare toe dit nog 'n Gemeenskapsraad was en ons het dieselfde prosedure gevolg, dieselfde omsendbriewe uitgestuur, dieselfde wykskomiteevergadering gehad en ons het dieselfde aksie gevoer as in die sewe vorige jare en daarom sou ek sê het ons in alle redelikheid alles gedoen wat ons veronderstel was om te doen. As ek net in een opsig iets kan byvoeg hoekom ek dit sê. Ek wil darem net vir u sê in die omsendbrief sê ons dat die hele program aanvanklik R11,27 sou gekos het, maar omdat ons geweet het dit is 'n redelike lae ekonomiese klimaat, daar is 'n redelike mate van werkloosheid, het die Stadsraad besluit om R1,9 miljoen te gebruik om die R11,27 mee te subsidieer, dit is R5,37 en om dit af te bring na R5,90 toe. So, die Stadsraad het in diepte kennis geneem van die lae ekonomiese klimaat, die werkloosheid en eintlik het die Stadstesourier gesê dit is swak finansiële beleid om R1,9 miljoen te gebruik om huurgelde en dienstegelde mee te finansier en sê die burgemeester "Ek wil graag die R17,8 miljoen kapitale projekte deurgaan, maar omdat R11,00 relatief hoog



Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

is vir die gemiddelde persoon, bring ons dit af tot R5,37, ons gebruik die R1,9 miljoen en ons subsidieer dit sodat die finale verhoging slegs R5,90 sou bedra" en in daardie sin glo ek was die Stadsraad meer as redelik en meer as billik gewees.

As 'n werknemer van die Ontwikkelingsraad of as 'n Stadsklerk van Lekoa het u ooit kennis gedra van die werk van die Univerisiteit van Port Elizabeth in verband met die inkomste en die lewensstandaard van Swartmense in dorpsgebiede? -- Ek het gedurigdeur - ek dink dit is die Universiteit van Stellenbosch, Port Elizabeth, die Universiteit van Pretoria en Unisa het op 'n ad hoc basis kort-kort met navorsingsprogramme gegaan, mense afgevaardig om sosio-ekonomiese opnames te doen en ek herinner my baie goed dat die Buro vir Marknavorsing van die Universiteit van Suid-Afrika het in 1980 'n sosio-ekonomiese opname gemaak in die Pretoria/Witwatersrand/Vaal Driehoek gebied, waarvan - ek dink die dokumentasie is reeds ingedien by die staatsadvokaat, waar in hierdie verband bevind is dat die Swartmense in die Vaal Driehoek gebied die hoogste lone verdien in die Pretoria/Witwatersrand/Vaal Driehoek gebied en dit impliseer die hoogste in Suid-Afrika en dit impliseer die hoogste in Afrika.

Ek wil aan u stel dat dit nie 'n antwoord op my vraag is nie en wat ... -- Port Elizabeth Universiteit ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

Wag net 'n bietjie, asseblief. Is u bewus van die werk van die Universiteit van Port Elizabeth of nie? -- Kan ek net vra wat se werk verwys u na?

Die werk wat hulle doen in verband met die inkomste en die uitgawes van Swartmense in die dorpsgebiede dwarsdeur die land? -- Ek sal nie sê spesifiek Port Elizabeth nie,

.../ maar

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

maar ek weet in die algemeen alle universiteite ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

Is u antwoord nee? -- Nee.

Is u bewus van die feit dat volgens hulle mening die huurgeld wat deur die mense van die Vaal Driehoek betaal was voor hierdie verhoging, die hoogste in die land was? Was u bewus daarvan? -- Ek weet niks daarvan af nie.

Het dit tot u kennis gekom na 3 September 1984 dat dit wel die mening van die Departement van die Universiteit van Port Elizabeth is? -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

U was by die Vaal Driehoek van 1977 af. Ek wil aan u stel wat die huurgeld van jaar tot jaar was en u moet asseblief vir die Hof sê of volgens u geheue dit min of meer reg is. 1977 R14,35. Is dit min of meer reg? -- Dit is wat dit toe was R14,35.

R17,00 in 1978. Kan u dit onthou? -- Dit kan min of meer korrek wees.

1979 R20,50? -- Korrek.

1980 R26,10? -- Korrek.

1981 R31,16? -- Dit kan korrek wees.

1982 R42,66? -- Ek ken nie die R42,00 nie. Ek weet van R39,30. Op 'n punt van redelikheid, ek weet die laaste verhoging was 1 Januarie of 1 April 1982. Toe het hy opgegaan met R9,90. Ek weet die laaste verhoging was R9,90. Toe kom hy te staan op R39,30, maar daardie van R42,00, ek weet nie daarvan nie. Van R14,00 af het hy geëskaleer na R39,00. Dit is heeltemal korrek.

1983 R61,70? -- Die R61,00 - ek dink ons moet net duidelikheid kry, asseblief. Praat u van huurgeld en dienstegeld of praat u net van dienstegeld? Waarvan praat ons, want dit lyk vir my daar is bietjie verwarring nou.



Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

Ons neem die "average"? -- Ja, die "average" beteken die huurgeld van die huis is daarby ingesluit.

Die huurgeld en die dienstegelde. -- Die laaste een is omtrent R90,00. Die bestaande een.

Die bestaande een is R90,00? -- Alles en alles, die totale pak is R90,00. Ek kan dit vir u duidelik uitgee hierso.

Nee, ons praat net van die huurgeld. Wat was die huuureld in die algemeen? -- Die huurgeld in die algemeen ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Wag nou, nou gaan die ding deurmekaar. Die R14,35 in 1977 was dit huurgeld en sanitêre fooie en elektriese gelde en water of wat was dit? -- Ek moet vra. Die vraag word aan my gestel. Ek vermoed die R14,00 is dienstegeld en nie huurgeld nie. Die huurgeld is huurgeld op die huis, op die verbetering op die eiendom.

Ons het in hierdie saak vantevore totdat mnr. Matthysen gekom het, wanneer ons van huurgeld gepraat het, gepraat van alles wat betaal word op die huis. Dit wil sê wat die man moet gaan betaal by die kantore. Nou loop die ding 'n bietjie deurmekaar sedert mnr. Matthysen hier was. Nou moet 'n mens dit onderskei, maar as dit aan u gestel word dink ek u moet voorlopig aanvaar dat dit die pakket is wat die man moet gaan betaal omdat hy in die huis woon. -- Dan glo ek die R14,00 was verkeerd in 1977. Ek glo nie dit kon so laag gewees het nie.

MNR. BIZOS : Ons praat van die huurgeld as die reg om in die huis te woon en die dienste behalwe elektrisiteit en water. Is daardie twee bedrae nie te onderskei nie? -- Dit is vir my te laag op R14,00 totaal vir die twee saam, die huurgeld plus die dienstegeld. R14,00kan nie vir my reg wees nie.

U is in staat om die presiese syfers te gee? -- Ja.

/ As

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

As u geweet het gedurende Junie 1984 dat volgens die mening van die Universiteit van Port Elizabeth dit die grootste huurgeld is wat betaal is deur Swartmense, sou u die verhoging gemaak het? -- As ek daarvan sou geweet het sou ek ook ander dinge saam met dit beredeneer het. Dit is weer eens - ek sou dit vergelyk het met die Buro van Marknavorsing van Pretoria wat gesê het, van Unisa wat gesê het die inkomste is die hoogste in die PWG gebied. Ek sou dit daarteen opgeweeg het en die tweede ding wat ek in ag sou geneem het, was dat die R1,9 miljoen word gebruik om te subsidieer en in alle redelikheid sou die R5,90 - was 'n redelike verhoging vir dit wat die mense in ruil daarvoor sou kry met inagneming en hierdie is 'n baie belangrike feit, met inagneming, die mense wat dit nie kan betaal nie, soos oues van dae, die pensioenarisse, die mense wat nie werk het nie, kan aansoek doen, wat hulle normaalweg altyd doen aan die Stadsraad om dit wat hulle skuld af te skryf as onverhaalbare skulde en in die R39,30 of plus die R5,90, u moet mooi luister, is daar bepaalde elemente ingeskryf wat voorsiening maak vir 'n fonds om agterstallige huurgelde mee af te skryf. So, in alle redelikheid sou ek dit nogtans laat goedkeur het. Ons noem dit 'n huurverliesreserwefonds.

Is die antwoord op my vraag dat u sou nogtans dit gedoen het? -- Ek sou dit nogtans gedoen het.

HOF : Kan ek net duidelikheid kry. Ons weet dat daar 'n drastiese verhoging was vanaf 1977 tot 1983. Dit weet ons? -- Ek sal nie sê drasties nie.

Ons kom by R17,00 in 1978 wat u gesê het omtrent reg was en dan R62,00 voor die laaste verhoging, wat ek hier gehoor het en dit is 'n groot verhoging. -- Ek sou net die R62,00 wou kwalifiseer. Ek twyfel oor die R62,00. Ek het twyfel

... / daaroor

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

daaroor. Eerlik, ek het twyfel daaroor.

Laat ons dan die woord drasties daarlaat. Daar was 'n verhoging? -- Daar was 'n verhoging.

Was die verhoging te wyte aan inflasie of was die verhoging te wyte aan inflasie plus iets anders? -- Dit was inflasie plus iets anders.

Wat is die iets anders? -- Inflasie is inflasie en die iets anders is om eksterne lenings mee te kry om kapitale projekte mee te finansier, soos die teer van strate, die elektrifisering van huise, die installering van hoë mas beligting, die bou van creches kos geld en inflasie het outomaties invloed op die koopprys van materiale, maar die een was outomatiese inflasiekoers, want alles het duurder geword om jou instandhouding en bestaande dienste mee te bly finansier plus iets ekstra elke jaar in te kry, dat die mense kan sien ons bly nie net waar ons is nie, maar ons verbeter darem ook die woongebiede, soos inflasie plus iets anders.

<u>MNR. BIZOS</u> : Was u van mening gedurende Junie 1984 dat die mense wat in die Vaal Driehoek werk die hoogste lone in die land gekry het? Was u van daardie mening, ja of nee? -- Ek het daarvan geweet.

U was van daardie mening? -- Ek het dit geweet.

Wel, ek wil aan u stel omdat u soortgelyke getuienis by 'n ander saak gegee het, dat daardie nie 'n feit is nie en ek wil aan u stel dat volgens 'n studie van "The economic importance and growth of selected districts in the RSA and TBBC countries 1985 by HJ van Wyk part of the Bureau of Market Research of the University of South Africa", dat dit voorkom - ek sal vir u die syfers gee om aan u te stel dat daardie mening van u heeltemal inkorrek was. It is research report number 114. Luister net en u sal miskien nie so seker wees dat die Vaal

..../ se

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

se mense die beste lone kry nie. "In die algemeen ... " (Court intervenes)

COURT : Are you reading from the report?

MR BIZOS : No, it has to be interpreted but I can assure Your Lordship that a qualified person will be called to ... (Court intervenes)

COURT : Why do you not read it in English? It is an English report. -- You can read the English.

MR BIZOS : Because you have to take two figures and compare them and I am going to have a comparison between the Metropolitan areas, the figures and the Vaal Triangle figures on the basis of the per capita income of people.

COURT : So, what you are going to do is, you are merely putting to the witness the result of your calculation?

MR BIZOS : The result of the calculation arising out of the report. Wat ek aan u wil stel is dit, dat in "the Metropolitan areas" in 1980 die per capita inkomste van Swartmense R1 336,61; in 1983 R1 366,24; in 1985 R1 396,48.

COURT : Is that rand per year?

MR BIZOS : Rand per year.

COURT : This figure, is it the average for the country?

MR BIZOS : For the Metropolitan areas.

COURT : The average for the Metropolitan areas,and for the

MR BIZOS : And for the Vaal Triangle in 1980 is R1 099,27; in 1983 R1 129,79 and 1985 R1 159,82.

HOF : Het u al die syfers in u kop? -- Ja -nee, ek dink wat U Edele vir my wil sê is, dat die Vaal Driehoek s'n in vergelyking met die Metropolitaanse gebiede kleiner is, maar ek weet nie of u die analise reg gelees het nie, maar ek dink die gesinseenhede in die Vaal Driehoek bestaan uit 5,5 mense per eenheid, terwyl in die ander Metropolitaanse gebiede is

... / dit

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

dit heelwat hoër. Ek dink hy gaan op tot by 8,5 of 9. So, in verhouding het die per capita inkomste per kleiner gesin, is hy beter daaraan toe as elders. Ek praat onder korreksie, maar ek dink ons moet daardie ding miskien net beter analiseer, want daar is 'n rede daarvoor.

Ek wil dit aan u stel dat u stelling dat die per capita inkomste van mense in die Vaal Driehoek hoër is as ander mense in die Metropolitaanse gebiede in Suid-Afrika onwaar is? -- Nee, ek glo nie dit is onwaar nie. Die inligting wat ek het wat ek gelees het van die Buro van Marknavorsing, die deel wat ek gelees het, lees anders as dit wat u nou voorlees.

Ons sal dit daar laat. Daar is mense wat vir Sy Edele die syfers sal analiseer. U het geen dokument om te bewys wat u sê nie? -- Ek het dit ingehandig.

Of u kan ons nie na enige rapport verwys wat bevestig wat u sê nie? -- Wat ek nou bevestig het ek reeds ingehandig.

Wat is ingehandig?

HOF : Die getuie bedoel daarmee dat hy aan die Staatsadvokaat 'n dokument gegee het. -- Aan die Staatsadvokaat. Dit is van die Buro van Marknavorsing. Dit is reeds ingehandig.

MNR. BIZOS : Ons sal miskien daarvan hoor. Ek wil u vra of u as gevolg van die gebeurtenis van 3 September en wat daarna gebeur het of u Raad enige stappe geneem het om vas te stel hoe in die toekoms die huurgeld te probeer verhoog? Het u dit gedoen? -- In die toekoms beteken 1984/85 waar daar geen verhoging was nie. In die toekoms beteken 1985/86 waar daar geen verhoging was nie, omdat die klimaat nog so swak is dat ons nog nie daaraan kon dink om enigsins weer te probeer om 'n verhoging goed te keur nie.

Nee, maar het u of u Stadsraad nie miskien probeer vasstel of daar wel foute beraam is gedurende 1984 en het u

.../ enige

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

enige stappe geneem om die foute in die toekoms te vermy? -- As ek daarop antwoord, wil ek net graag iets by sê. Omdat almal gedink het die R5,90 het die onluste gebring, het ons op 18 September van dieselfde jaar, 14 dae daarna, besluit om dit af te haal sodat die mense kan ophou brand en ophou moor en ophou klippe gooi. Ons het van ons kant af dit weggeneem, maar snaaks genoeg, almal het gesê die R5,90 is die rede vir die onluste en toe haal ons dit weg en tot vandag toe is daar nog onluste, hierdie naweek het ons onluste gehad en die mense betaal nog nie wat hulle voorheen betaal het nie. Ek moet vir u sê in antwoord op die vraag ons het nog nie daarna weer 'n keer probeer doen om verdere foute uit te haal nie. Die "foute" wat ons gemaak het, is die eskalering van R5,90 en dit het ons weggeneem. Ons het nog nie weer 'n verhoging goedgekeur nie omdat die klimaat nog swak is. Ons lek nog aan ons wonde. Ons maak nog reg wat stukkend is. Vir die derde agtereenvolgende jaar, ons is binne drie maande van 1 Julie af, 1986/87 boekjaar, weet ek weer sal my Stadsraad weer eens vir die derde agtereenvolgende jaar nie 'n verhoging kan goedkeur nie omdat die klimaat nog so ongunstig is.

K175 Kan ek my vraag herhaal? Miskien het u dit nie verstaan nie. Het u of u Stadsraad enige stappe geneem om vas te stel watter foute gemaak is gedurende 1984 en is enige plan opgestel om soortgelyke foute in die toekoms te vermy? -- Ja. Ons het ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

U het my vraag geantwoord. -- Dankie.

MNR. JACOBS : As die getuie wil verduidelik wat sy antwoord is, dan kan hy dit sekerlik kwalifiseer. Hy is geregtig om sy antwoord te gee.

HOF : U moet die getuie die geleentheid gee om klaar te praat, mnr. Bizos. Hy was nie besig om u vraag te ontwyk nie.

... / Hy

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

Hy het vantevore al verduidelik dat hulle gedink het die R5,90 is 'n stap om dit te herstel om dit weg te neem op 18 September en toe sê hy dit het nie gehelp nie. Wat wou u nog sê ? -- Ons het nog iets gedoen. In Oktobermaand het ons omsendbriewe van huis tot huis laat aflewer en gevra dat in enige dorpsgebied kan ons 'n afvaardiging ontmoet van hoogstens tien mense om uit te vind wat skort en hoekom is die mense kwaad, hoekom betaal hulle nie en hoekom is die onluste daar. Ons het toe drie afvaardigings gehad. Die Vaal Civic Association vir Sharpeville het ons 'n gesprek mee gevoer en ons Stadsraad het 'n gesprek gevoer met die Boipatong Civic Association asook met die Bophelong Civic Association op uitnodiging van briewe wat ek van huis tot huis laat aflewer het. Ons het in diepte met hulle 'n gesprek gehad om vas te stel wat kan ons doen om die gemoedere te sus, wat kan ons doen om te help. Ons het dit gedoen. Ek wil net 'n laaste opmerking maak. In al die gesprekke in die Vaal Civic Association, Bophelong Civic Association en Bophelong Civic Association het al drie verenigings uit een mond gepraat en dit is dat die totale huurpakket van R90,00 moet afkom na R30,00. Dit was 'n algemeen aanvaarde versoek gewees. Die R90,00 moet afkom na R30,00 toe.

En as dit afkom na R30,00, wat sal die effek wees? -- Die effek sou gewees het op die oomblik het ons 'n begroting van R45 miljoen, 'n inkomstebegroting van R39,4 miljoen en 'n uitgawebegroting van R45 miljoen, wat 'n tekort laat van R15,6 miljoen. Om 'n lang storie kort te maak, as die R90,00 moet afkom na R30,00 toe, sou ons inkomstebegroting ook met twee-derdes moes val. Ons uitgawes bly op R45 miljoen en sou die inkomste en die uitgawe gelyk gewees het, 45/45, sou ons slegs 'n R15 miljoen inkomste gehad het, omdat die R90,00 R30,00 word en ons sou in elk geval dan die uitgawebegroting moes honoreer,

..../ Die

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

die R45 miljoen moes eerbiedig met 'n inkomste van 15 - toe sê ons ons kan dit nie doen nie. Ons kan nie R90,00 na R30,00 toe afbring nie. Dit is onmoontlik. Ons kan nie. Ons antwoord aan die mense was net gewees betaal wat julle altyd betaal het voordat daar 'n Stadsraad was, die bestaande huurgelde en dienstegelde, net dit.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Is dit gedoen? -- Dit is nie gedoen nie. Ons kan dit nie doen nie. Dit is buite die kwessie. Ons kon nie.

U het nie die vraag verstaan nie. U sê u versoek was dat net betaal word wat vantevore betaal is. Is dit gedoen? -- Hulle betaal nou nog nie dit nie. Ek is jammer, ek het nie reg verstaan nie.

MNR. BIZOS : Is enige navorsing of enige plan opgestel hoe om in die toekoms op te tree om die huurgeld in te samel of om enige huurgeldverhoging te maak?

HOF : Dit is twee aspekte. -- Dit is twee dinge, ja. Om die huurgelde te in, die eerste vraag is, die bestaande huurgelde te in, het ons verskeie aksies geloods. Ek kan net noem dat ons met die Vaal Nywerhede Vereniging, Vaal Industries Association, wat 'n groot magtige organisasie is asook met die Vaal Chamber of Commerce and Industries, dit is twee aparte organisasies in die Vaal Driehoek waar alle groot werkgewers aan behoort, het ons omsendbriewe by drie geleenthede aan die mense gestuur waar ons versoek het dat die werkgewer in oorleg met die werkeraad, 'n verkose werkeraad vir die mense op die vloer moes vasstel of daar nie van die mense is wat vrywilliglik stoporders wil teken sodat die huurgelde aan ons oorbetaal kan word nie. Die terugvoer wat ons gekry het is dat die mense wat in daardie stadium reeds stoporders geteken gehad het, het die werkgewers gevra om dit nie langer meer af te

.../ trek

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

trek nie. Baie van die werknemers het toe gesê dat dit wat julle afgetrek het moet die werkgewer in 'n Trustfonds of 'n bystandsfonds belê tot tyd en wyl die onluste oor is en dan kan hulle dit maar aan die Stadsraad oorbetaal. Ons het voortdurend elke ses weke vergaderings gehad met die twee organisasies onder die voorsitter van die Streeksverteenwoordiger van die Departement Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning in Bloemfontein, mnr. Kriel. Hy het opgetree as voorsitter in opdrag van die Minister. Van omtrent Meimaand 1985 af het die terugvoering nou gekom van die werkgewers af deur te sê dat die werkerade het nou besluit die geld wat die mense in die tussentyd vrywilliglik laat aftrek het en in 'n trustfonds gebêre het, daardie geld moet nie aan die Stadsraad oorbetaal word nie, dit moet onmiddellik losgemaak word en terugbetaal word aan die indiwiduele werknemers, hulle wil die geld nou terughê. In aanvulling daartoe het ekself, mnr. Matthysen en verskeie van my ander senior amptenare op 'n weeklikse basis op die werksvloer gesprekke gehad met die werkerade en die "shop stewards" om vir die mense te verduidelik die R5,90 is af en die mense moet asseblief net betaal wat hulle altyd betaal het. Selfs dit het geen impak gehad nie, geen impak.

MNR. BIZOS : Ek is jammer om u in die rede te val, maar ek wil u vra, asseblief, of daar enige planne opgestel is oor hoe 'n huurverhoging in die toekoms gemaak moes word?

HOF : Maar u het twee vrae gevra. Die eerste vraag is watter stappe het hulle gedoen om die huur te in. Dit is die getuie nog besig om te verduidelik. Daarom het ek vir u gesê u vra twee vrae en ek dink nie u wou twee antwoorde gehad het nie.

MNR. BIZOS : Die vraag was wat se plan is beraam om in die toekoms dit op 'n korrekte manier te doen, maar in elk geval ek wil

.../ nie

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

nie die getuie in die rede val nie, but he is obviously very keen to tell Your Lordship things that he is not asked about and ... (Court intervenes)

COURT : That is not entirely correct. He was asked this question and he was answering the question properly. Antwoord verder. -- Daarna het ons ook gereël dat die uitslag van die Matthee/Hitge Komitee wat gesê het, dit is 'n sub-komitee van die Van der Walt Kommissie waar die adjunk-minister van die Departement van Onderwys en Opleiding - ek het nou sy van vergeet, ek sal nou op hom kom - hy het dit uitgespel in die koerant. Hy het dit bevestig wat die Matthee/Hitge Komitee bevind het en gesê dat die huur en die dienstegelde in die Vaal Driehoek gebied is nie abnormaal hoog nie, dit is vergelykbaar en dit is op pariteit ... (Hof kom tussenbei)

Wag, wag. Die vraag wat u besig is om te beantwoord is tweeledig. Die eerste is watter stappe het julle geneem om die huur te in en die tweede is, watter stappe gaan julle doen by 'n verhoging van huur. Is u nou besig om die eerste een te beantwoord? Ek wil nie hoor wat ander mense geantwoord het nie, ek wil hoor wat u gedoen het? -- Wat ek gedoen het, is daarna het ek die berig geneem en ek het dit in 'n maandblad gepubliseer, ons noem dit die Bula de Thaba tsa Lekoa(?), dit is die nuusblad van die Vaalrivier en ons het dit van huis tot huis in hoofletters, die teleks wat ons ontvang het van die Minister af waarin hy bevestig dat die huurgeld in die Vaal Driehoek normaal is, in 'n spesiale nuusbrief laat aflewer sodat al die mense dit kan lees en dit kan verstaan. Ek kan die nuusblad bring ter bevestiging.

Die tweede deel van die vraag is watter stappe gaan u doen in die toekoms by 'n verhoging van huur? -- In die toekoms het ons spesifieke riglyne al gekry van die Departement

/ van

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning en dit is dat ons sover as moontlik 'n verhoging in huurgelde moet laat saamval met die verhoging van inkomste. Elke jaar is daar 'n 10% of 'n 12% verhoging in die lone en salarisse van mense van arbeiders en werknemers af en as daar 'n verhoging in huurgeld plaasvind vanaf 'n sekere datum moet ons die datum min of meer so probeer kies dat dit redelik saamval met 'n verhoging van salarisse in die algemeen. Verder sal ons die ekonomiese klimaat moet toets in oorleg met die georganiseerde handel en nywerheid onder andere die Vaal Industries Association en die Vaal Chamber of Commerce and Industry wat verteenwoordigend is van die handel en nywerheid. Die derde moontlikheid is dat elke raadslid in sy bepaalde wyk het hy 'n wykskomitee van hoogstens tien lede en moet so 'n raadslid met die wykskomitee 'n wykskomiteevergadering hou met die inwoners van sy bepaalde wyk om die moontlikheid te skets van 'n verhoging in huur- en dienstegeld. Die terugvoering moet dan gaan na 'n vergadering van die Stadsraad waarin alle moontlike insette en moontlike probleme wat voorsien word, moet dan gedebatteer word, alvorens daar met 'n verhoging in huurgeld begin kan word.

MNR. BIZOS : Is daar 'n dokument aan u gestuur of gegee in verband met 'n metode wat in die toekoms gebruik moet word om die huurgeld te verhoog? -- Ek kan my so iets voorstel. Ek dink daar was 'n skrywe in die verband van die Departement.

Het u nie daardie skrywe bestudeer nie? -- Ek het hom nie onlangs gelees nie, maar laat ons hoor, as daar iets is wat ek vergeet het.

Laat ek nou u getuienis goed verstaan. Is u getuienis dat u nie eers kan onthou of daar so 'n dokument bestaan nie? -- Daar is 'n dokument wat vir die laaste paar jaar elke

.... / jaar

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

jaar uitgestuur word aan alle Ontwikkelingsrade waar hulle vra voordat daar 'n verhoging plaasvind, moet naastenby die volgende gedoen word. Die ekonomiese klimaat moet getoets word, onder andere.

Die vraag is dit, probeer om dit te antwoord, asseblief. Is u getuienis dat u dra nou soos u daar staan geen kennis van enige spesiale dokument wat opgestel is van hoe huurgeldverhogings in die toekoms gedoen moet word nie? -- As u praat van die toekoms, bedoel u van na die onluste in die toekoms in of voor die onluste?

Na die onluste?

HOF : 'n Dokument van watter kant af? 'n Amptelike dokument?

MNR. BIZOS : Wel, enige dokument. Amptelike dokument of enige studie wat gedoen is wat tot u kennis gekom het. Weet u van die bestaan van so 'n dokument? -- Van na die onluste is daar so 'n dokument.

Het u daardie dokument bestudeer?

HOF : Praat u nou van dieselfde dokument? Watter dokument praat u van? -- Ek praat nou van na die onluste want dit is basies dieselfde riglyne wat die Departement male sonder tal vir ons skets. Ek weet nie of u praat van na 3 September vorentoe met moontlike huurverhogings in die toekoms en of dit 'n dokument is ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

MNR. BIZOS : Ek het dit baie duidelik gestel of u bewus is van enige dokument wat riglyne neerlê wat na die onluste opgestel is oor wat die ideale manier is om die huurgelde te verhoog. Het u daardie dokument ontvang en het u dit bestudeer? -- Ek het nie so 'n dokument ontvang nie.

HOF : Watter dokument het u ontvang? En van wie af? -- Dit is 'n dokument van die Departement van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning af, maar dit was destyds die Departement

... / van

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

van Samewerking en Ontwikkeling wat nou vervang is met Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning.

MNR. BIZOS : Het u daardie dokument bestudeer? -- Ek sal nie sê ek het hom in detail bestudeer nie, maar ek het hom gelees. Ek het hom gelees.

Is dit deur u Stadsraad bespreek? -- Nie wat ek kan onthou nie.

Is daar enige poging aangewend om van die dokument te probeer leer waar die Stadsraad van Lekoa verkeerd gegaan het? -- Wat ek daar kan onthou is, ons het alles gedoen met die voorgestelde verhoging wat van ons verwag word en dit is gesprekvoering met die inwoners en gesprekvoering met die werkgewers.

Is dit op u Raad bespreek? -- Voor 3 September was daardie dokument nie ter sprake nie en na 3 September was daar geen huurverhoging gewees nie. Ons het dit nie bespreek nie.

Het u nie van daardie dokument miskien probeer uitvind hoe verkeerd julle voor 3 September opgetree het nie? -- Nee, ek het nie.

HOF : Mnr. Bizos, kan ons nie die dokument op sy naam noem nie? Sy nommer en sy datum en sy inhoud ensovoorts as u die dokument het. Ons praat nou om en om die dokument.

MR BIZOS : I did it deliberately in order to show how little attention the witness paid to it and this is why I did it that way.

COURT : Are you going to hand it in?

MR BIZOS : As Your Lordship pleases.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

NICOLAAS PRINSLOO LOUW, nog onder eed

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS (vervolg): Mnr. Louw, kan u



Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

nie onthou dat u die dokument ontvang het en u dit voor die Raad of voor die Uitvoerende Komitee geplaas het nie? -- Nee, ek kan dit nie onthou nie.

Ek wil aan u 'n dokument wys gedateer 1 November 1985. Kyk net na die eerste bladsy en sê vir ons of dit u handtekening daarop is? -- Ja, dit is my handtekening.

Lees die tweede item, asseblief. -- "Strategy for the collection of arrear rental."

Dit is hoe u dit gesien het ... -- Ek sal graag hierop kommentaar wil lewer, as ek mag.

Probeer om my vrae te antwoord en dan kan u daarna as u wil kommentaar lewer. Is dit u handtekening? -- Dit is korrek.

Alhoewel u dit as "strategy for the collection of arrear rental and service charges attached" beskryf het in die dokument self is daar ook - sal u asseblief kyk na "Objective 4" by 4.1 van die dokument. "To establish a fixed procedure for the handling of increases where proper consultation, climate evaluation, climate creation and the study of the situation are prescriptively required." Dra u kennis van die inhoud van daardie tweede deel van die dokument? -- Ek erken die hele dokument.

Is die dokument deur u Raad of die Uitvoerende Komitee van die Raad bespreek? -- Dit is deur die Uitvoerende Komitee van die Raad bespreek op 4 November.

HOF : Van watter jaar? -- 1985.

MNR. BIZOS : Het u die aanbevelings in die dokument as redelike aanbevelings beskou van hoe om voort te gaan in verband met die verhoging van huurgeld? -- Ons het die dokument in diepte oorweeg en ons het die aanbevelings aanvaar. As ek net mag sê, daar was net twee aanbevelings, as ek reg kan

... / onthou

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

onthou wat nie deur die Uitvoerende Komitee aanvaar is nie. Net twee aanbevelings is nie aanvaar nie.

This will be AAQ(23).

HOF : Die dokument het as opskrif "Town Council of Lekoa Executive Committee 15th Special Meeting." Dan is daar 'n aantal aanhangsels by hierdie agenda.

MNR. BIZOS : Sal u asseblief kyk na 4.1. "All increases must have a bearing on the Black population. All increases that have a bearing on the Black population must be handled according to the following procedure. Do a need evaluation with consideration of the present income position of the need or not of any increase. Do a climate evaluation in communities that will be affected by the proposed increase given special attention to. The timing of the increase, the acceptance thereof by the Black communities that will be affected by it, the possibility of civil disturbance and/or note that ..." (Court intervenes)

COURT : It should be riots but it is not. -- Riots that may arise.

MNR BIZOS : "Riots that may arise, any other increases that have already taken place or is envisaged in respect of services by either government of service rendered in institutions that will place an extra burden on the Black communities, evaluate the global situation keeping in mind the present climate within the specific community to establish if the increase is warranted or not. Obtain approval in principle from the national body that co-ordinates increases. Launch an intensive climate creation action in the Black community too. Inform them as to the reasons for their increases and create a favourable climate in which the increase will be accepted by. Indicating the rise in wages, salaries and



Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

allowances, indicating the rise in costs in all other areas. To draw a comparison between the abovementioned increases and the proposed tariff increases. Planning the information and climate creation action on an expertly done basis. Utilisation of suitable communication instruments. Give specific attention to the representatives of Black people during the information action. The councillors of local authorities and development boards must be motivated to give positive emphasis to the necessity of the increase in their field of expertees such as agriculture, trade commerce, local authorities. After completion of the information climate creation action a further evaluation reading of the attitude of the Black community must be done, seen in the light of the general security climate with specific reference to the proposed increases. The level of the climate attitude must be compared with the economic motivaters for the increase with specific references to the potential and civil disturbance or riots. Deciding if the implementation of the increase must be proceeded with or not at all. Depending on the decision reached above then, the information climate creation action must be prepared at a later stage of the further evaluation of the attitude climate. It must once again be referred to the national body for decision, with the proviso that at the date of implementation not to be earlier than the 1st of the second month after publication in the Government Gazette or other methods of announcements, thus no instant dates or retrospective implementations and the climate creation action be carried on until after the successful peaceful implementation of the increases. The increase to be published in the Government Gazette in case of official increases or otherwise announced." Ons weet dat dit is na die gebeure



Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

van 3 Augustus - jammer 3 September opgestel, maar sal u aanvaar dat u riglyne 'n goeie en gesonde metode is om enige huurgeldverhoging te doen? -- Ek stem daarmee saam. Ons het dit gedoen.

Laat ons probeer vasstel hoe u Raad wel opgetree het.

HOF : Net om duidelikheid te kry. Die riglyne het nou nie 'n opskrif nie. Is dit aan u deurgestuur deur die Departement van Staatskundige Ontwikkeling? -- Dit is. Hierdie is eintlik riglyne wat ons Stadsraad saam met die Departement van Staatkundige Ontwikkeling en saam met die Ontwikkelingsraad en saam met die polisie opgestel het. Dit was een groot bestuurspan wat hierdie hele strategie opgestel het. Ek wil dit net duidelik stel. Dit was nie 'n omsendbrief wat na ons toe gekom het nie. Dit was 'n bestuurspan wat dit opgestel het en voor teetyd het ek gesoek na 'n omsendbrief waarna verwys is, maar ek het nie geweet u verwys na hierdie dokument nie.

So, hierdie ding het u self opgestel? -- Ons het hierdie ding opgestel saam met die Ontwikkelingsraad en die Departement van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning.

MNR. BIZOS : Wie is die verspreider van die dokument? -- Dit is 'n amptenaar van die Ontwikkelingsraad wat opgetree het as sekretaris. Die hoofdirekteur van die Ontwikkelingsraad saam met die Departement van Staatkundige Ontwikkeling, ons, die polisie en die Weermag het saam as 'n bestuurspan gesit en die Ontwikkelingsraad het die sekretariële werk gedoen. Die opstel van hierdie dokument is gedoen deur 'n sekretaris wat die insette van die bestuurspan gekry het. Dit is etlike male verander en gewysig. Hierdie is die finale produk, die finale dokument.

Sal u saamstem dat die manier waarop die verhoging van



Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

1984 gedoen is, nie op 'n voldoende manier gedoen is nie, as daardie riglyne korrek is? -- Ek sal sê die meeste van hierdie riglyne het ons gedoen. Hierdie is net in fyner detail uitgespel. Alles wat hierin staan ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

U sê u het dit nagekom? -- Ek sou sê die meeste daarvan is nagekom.

Die besluit is geneem op 29 Junie, nie waar nie? -- Dit is reg.

Is daar enige vergadering deur die Stadsraadslede voor 29 Junie gehou? -- Voor 29 Junie het al die raadslede met hulle wykskomitees vergaderings gehad met die inwoners om vas te stel wat is hulle behoeftes en wat wil hulle in die begroting ingeskryf hê.

Luister asseblief. Is daar enige vergaderings gehou deur die raadslede om mense te verwittig dat die Raad van plan is om die huurgeld te verhoog, ja of nee? -- Ek sou sê ja.

Sal u asseblief vir ons sê waar en wanneer algemene vergaderings deur raadslede gehou is voor 29 Junie om mense te verwittig dat die Raad van plan was om die huurgeld te verhoog? Wanneer, deur wie en waar? -- Vanaf Aprilmaand af. Die begrotingsdokument is 'n finale dokument, maar wat in die begrotingsdokument voorkom is behoeftes wat geïdentifiseer is deur die raadslede met hulle wykskomitees met die inwoners lank voor 29 Junie. Die mense het gesê hulle wil verskillende projekte gedoen hê en die raadslede het vir die mense gesê dit gaan julle geld kos.

Ek vra u weer, sê vir ons asseblief by watter vergadering, wanneer en deur wie die raadslede aan die mense van Lekoa gesê het dat die Raad van plan is om die huurgeld te verhoog? Sê vir ons waar daardie algemene vergadering gehou is? -- Die verskillende vergaderings is in die verskillende woongebiede

... / gehou

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

gehou op verskillende oggende van verskillende weke, maar ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

Waarin dit gesê was dat die Stadsraad van plan was om die huurgeld te verhoog. Is dit wat u getuienis is? -- Nee.

Maar dit is wat die vraag is. -- Op 5 Augustus was daardie vergadering gehou gewees as 'n finale vergadering.

Luister asseblief na die vraag. Kan u vir ons asseblief sê of daar enige algemene vergaderings gehou was voor 29 Junie waarby die mense van Lekoa gesê is deur die raadslede dat die Raad van plan is om die huurgeld te verhoog? -- Nie wat die R5,90 betref nie.

Nee, dat hulle van plan is om die huurgeld te verhoog?
K176 -- Ek moet positief antwoord daarop.

MNR. JACOBS : Die getuie het geantwoord dat die raadslede het die behoeftes bepaal en vir die mense gesê dit gaan geld kos.

HOF : Toe het mnr. Bizos gevra waar en wanneer presies en daarop het ons nie 'n antwoord gekry nie. -- Dit was nie 'n amptelike vergadering wat geskeduleer was nie. Dit was verskillende vergaderings op verskillende tye.

MNR. BIZOS : Sal u die stelling aanvaar dat daar geen vergaderings was nêrens in die Vaal Driehoek waarby die mense gesê is dat die Raad van plan was om die huurgeld te verhoog nie? Is u in staat om daardie stelling te ontken of nie? -- Ek is in staat om dit te ontken.

By watter vergadering is een of ander raadslid - wat deur een of ander raadslid gehou is, is daar voor 29 Junie gesê ons is van plan om die huurgeld te verhoog? -- Dit was nie 'n amptelike raadsvergadering gewees nie. Dit was individuele terugvoeringsvergaderings van raadslede aan die inwoners en die aanvanklike begroting het R58,00 geïmpliseer,

... / die

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

die verhoging. Ek kan nie 'n amptelike datum gee wat die Raad met die mense gepraat het nie. Indiwiduele vergaderings was daar gewees.

Ons het 'n aantal raadslede gehad wat alreeds getuienis gegee het en nie een van hulle het vir ons gesê van enige algemene vergadering van die publiek waarby daar enige kennis gegee was dat die Raad van plan was om die huurgeld te verhoog nie? -- Ek glo nie die raadslede het daardie vraag reg verstaan nie. Ek dink nie so nie.

As daardie getuienis of stelling wat ek aan u maak dat daar geen getuienis is van enige algemene vergaderings nie, reg is, sal u saamstem dat die klimaatskepping waarvan die dokument <u>AAQ(23</u>) praat nie gedoen is nie?

<u>HOF</u> : Laat ons darem net die basis op 'n gesonder voet plaas. Die getuienis was wel dat die raadslede wanneer daar gesê is dat die buurt 'n projek wil hê, gesê het maar dit is eersteklas, maar dit gaan julle geld kos. Wat impliseer 'n verhoging van huur.

<u>MR BIZOS</u> : That is not, with respect, what I am putting. What I am putting is that the guidelines require people to be informed of the fact that there is a proposal to increase the rent.

<u>COURT</u> : Do the guidelines require that the specific quantum of the proposed increasde be mentioned?

<u>MR BIZOS</u> : I would submit that under the wide wording, as to how a climate is to be established, that one would expect if one is to carry a community with one, one would expect such meetings to take place and I think that I am correct in quoting the evidence to the witness that there were no such meetings.

<u>COURT</u> : There were no meetings where a specific increase of



Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

rent was discussed prior to 5 August.

MR BIZOS : That is so. -- Daarmee kan ek saamstem. Algemene vergaderings met die algemene implikasie as julle hoë mas ligte wil hê, gaan dit julle geld kos. Dit was gedoen gewees en die klimaat was in daardie sin geskep en dit is hoe die begroting aanvanklik saamgestel was.

Stem u saam dat die gemeenskap oortuig moet word dat alle ander moontlike stappe gedoen is om die huurgeld te verhoog voor dit verhoog is?

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Om die verhoging te vermy.

MNR. BIZOS : Om die verhoging te vermy. Jammer, ek sal die vraag herhaal. Stem u saam dat die gemeenskap oortuig moet word dat alle moontlike stappe geneem is om die verhoging te vermy? -- Ja, ek sal daarmee saamstem.

Dit was 'n taamlike nuwe Stadsraad, nie waar nie? -- Dit was nie taamlik nie, dit was definitief 'n nuwe Stadsraad.

Maar daar was lede van die Raad wat baie ondervinding gehad het in die Raad soos dit voorheen was? -- Gefunksioneer het, dit is korrek.

En is u die persoon as stadsklerk wat verantwoordelik is dat alles op 'n regverdige manier gedoen is? -- Dit is korrek.

En is u die persoon wat verantwoordelikheid aanvaar dat geen onreëlmatighede by enige vergadering van die Stadsraad plaasvind nie? -- Dit is korrek.

Volgens u ondervinding moes u gedurende 1984 geweet het dat geen Stadsraadslid deel moet neem aan enige vergadering of besluitneming van die Stadsraad waarin hy 'n persoonlike betrokkenheid het of wins mag kry nie? -- Dat hy nie mag deelneem aan die besluitneming nie? Dit is korrek.

Hoe voel u, het u daardie plig gedoen? -- Sover ek weet



Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

het ek dit gedoen.

Terwyl u besig was met die verhoging van die huurgeld, was u ook besig in verband met die verkoping en aankoop van biersale en drankwinkels. -- Dit is korrek.

Sal u asseblief na die notule van 17 Julie kyk.

HOF : 17 Julie 1984?

MNR. BIZOS : 1984.

HOF : Van die Raad of van die Uitvoerende Komitee?

MNR. BIZOS : Van die Raad. Sal u asseblief ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Gaan u die dokument inhandig?

MNR. BIZOS : Asseblief.

HOF : Dit sal AAQ(24) wees. Die opskrif is "Town Council of Lekoa 7th ordinary meeting, 17 Julie 1984."

MNR. BIZOS : Sal u asseblief na bladsy 266 kyk. -- Ek het dit.

Dit was as gevolg van 'n besluit van die Stadsraad, was dit nie, dat die transaksie plaasgevind het, nie waar nie?

HOF : Watter transaksie is dit?

MNR. BIZOS : Die verkoop van die drankwinkels en die biersale. -- Korrek. Ek weet nie of ek iets mag sê nie. Daar is twee besluite.

Nee, laat ons by hierdie besluit bly en ons sal by die ander besluit kom. -- Op bladsy 266 is daar twee besluite. (Getuie lees item 7.10 en item 7.11 van BEWYSSTUK AAQ(24) uit aan hof) Watter een van die twee word na verwys?

Altwee. "That it be noted that there is in principle no objection to the selling of the liquor outlets in the area of jurisdiction of the town council of Lekoa by the Orange-Vaal Development Board subject thereto that any loss of income as a result of the selling of liquor outlets be made

.... / good

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

good to the town council of Lekoa by the Orange-Vaal Development Board." Dit is "resolved", dit is besluit. -- Ja. "No objection in principle."

No, it is resolved. Dit is 'n besluit van die Raad. Kyk asseblief na bladsy 256 en sê vir ons wie teenwoordig was wat volgens die volgende besluit miskien ryker sou geword het as gevolg van daardie tweede besluit? -- Praat u nou van item 7.11 of bladsy 266?

Ja, ek dink u verstaan die vraag. As u die name op die eerste bladsy vergelyk met die name van die here wat drankwinkels gekry het, het hulle deelgeneem aan die twee besluite? Dat daar geen beswaar is teen die transaksie en dat dit ook gedoen moet word op die manier wat op bladsy 266, 7, 8 en 9 voorkom?

<u>HOF</u> : Begryp u nou die vraag? -- Ek dink hier is vier lede, raadslede wat hierin gemeld word.

<u>MNR. BIZOS</u> : Net vier? -- MB Mahlatsi is 'n raadslid.

<u>HOF</u> : Waar sien u dit? -- Op bladsy 266. MB Mahlatsi, Meshack Mahlatsi was 'n raadslid, Paul Mahlatsi was 'n raadslid, Gcina was 'n raadslid, dit is drie, EC Mahlatsi is 'n raadslid, dit is vier en Mpondo is 'n raadslid, dit is vyf en Piet Mokoena. Dit is ses raadslede.

<u>MNR. BIZOS</u> : Wat van Mofokeng en Nkotha? -- Dit is 'n maatskappy. Dit kan wees.

Hoeveel raadslede was daar teenwoordig by daardie vergadering wat 'n biersaal of 'n drankwinkel sou kry wat nie daar moes gewees het nie by die vergadering? -- By die raadsvergadering soos ek nou getel het, was daar sewe gewees, sewe raadslede.

Het u aan die here gesê "Here, julle moet van die vergadering onttrek en dit is my plig om u te waarsku dat dit



Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

miskien 'n oortreding is vir julle om hier te bly en om aan hierdie besluit deel te neem"? Het u dit gedoen? -- Nee, ek het dit nie gedoen nie, want daar is 'n rede daarvoor.

Wat is die rede? -- As u sal kyk na bladsy 261 sal u sien daar is item 7 op die notule "Let us regard it as urgent by the mayor." Daar was nie verslae voor die Raad wat al hierdie besluite, dit is 7.1 - daar was nie 'n verslag daarvoor gewees nie. Al hierdie verslae 7.2 op bladsy 262, 7.3, 7.4, 7.5 en 7.6, 7.7 en 7.8. Dit is alles items wat die burgemeester gedagboek het vir sake ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

Maar waarom is dit 'n rede dat 'n persoon wat persoonlike belang het in 'n saak nou die reg kry om daaroor te besluit? -- Die dag toe hierdie besluit geneem is, was daar nie 'n verslag ter tafel wat gewys het wie die raadslede is wat hierby betrokke is nie.

Probeer asseblief om die vraag te antwoord. Beskou u die feit dat die burgemeester dit as 'n dringende saak beskou het as 'n verskoning? -- Die oomblik toe die besluit geneem is, toe die ding bespreek was, was daar nie 'n bylae wat vir my gesê het hierdie mense moet nie daar sit nie.

U was teenwoordig by die vergadering? -- Ja, dit is korrek.

Waarom het u nie aan die sewe here gesê ... -- Daar is nie 'n indikasie aan my wie die mense spesifiek is nie.

Maar dit is in die notule. -- Dit is daarna genotuleer het. Daar was nie 'n verslag gewees nie.

Maar of daar 'n verslag was of nie, waarom het u nie by die vergadering gesê kyk, dit is 'n bate van ons raad, die Stadsraad. Julle raadslede kan dit nie van die Ontwikkelingsraad koop nie, julle kan nie besluite neem waarin julle belang het nie. Waarom het u dit nie gedoen nie? -- Die

... / enigste

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

enigste rede is dat ek in daardie stadium, het ek nie 'n bylae by my gehad nie.

Of daar 'n bylae was of nie, hoe is die vergadering - hoe het die vergadering plaasgevind? Hoe is die notule saamgestel? -- As u kyk na bladsy - daar was verslae aan die Uitvoerende Komitee gewees in Juniemaand, maar die dag van 17 Julie was daar nie 'n verslag voor die Raad, 'n geskrewe verslag wat al die raadslede se name ter tafel gelê het nie. Die burgemeester het dit goedgeag om dit in beginsel goed te keur, "to say that there is no objection in principle" en toe by item 7.11 het die volle Raad besluit dat die verkoop van die verskillende drankpunte onderhewig aan die goedkeuring van die Departement also goedgekeur moet word. Ek sien die advokaat vir die verdediging se punt.

HOF : Ek sien nie u punt nie. Sê u dat die burgemeester hierdie saak geopper het sonder dat daar 'n verslag voor die Raad was? -- Al hierdie items onder item 7.

As dit ja is, sê maar net ja. -- Dit is korrek.

Die volgende vraag is nou dit. As hy dit opper sonder 'n verslag, het hy dit dan uit sy kop gelees of het hy 'n dokument gehad wat hy voor die Raad gelê het wat sê 1.1 Zone 3 MB Mahlatsi R760 000? -- Ek dink hy het dit gekry uit die aanhangsel tot die agenda.

Maar dan was daar tog 'n dokument? -- Daar was 'n aanhangsel tot die agenda van die Raad.

As daar 'n aanhangsel is tot die agenda, dan staan daar tog op 'n stuk papier die name van die persone wat tenderaars is en wat u voor u het. -- Dit is deel van die notule.

Nou is die advokaat se punt, hier sien u die name. Hoekom sê u nie EC Mahlatsi is duidelik die burgemeester, hy moet onttrek aan hierdie vergadering nie? -- Ek het dit

/ nie

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

nie gedoen nie.

MNR. BIZOS : Was u bewus van die bepalings van die Wet? -- Ek was bewus daarvan.

Waarom het u nie aan hierdie sewe gesê "Here, julle kan dit nie doen nie. Dit is verbode, dit is ongeldig. Dit kan nie gedoen word nie"? -- Ek het dit nie gedoen nie.

Waarom nie? -- (Geen antwoord)

Het enige raadslid by die vergadering enige van die persone wie se name op bladsy 1 voorkom, enige raadslid, gesê "Kyk, ons kan dit nie doen nie. Ons kan nie die bate van die Raad aan ons eie raadslede verkoop nie"? Het enige raadslid dit gedoen? -- Beswaar aangeteken?

Ja? -- Nee, ek kan nie daarvan onthou nie.

Het enige raadslid gesê "Kyk, Here, laat ons dit nou probeer doen soos die mense daar by die Oos-Rand gedoen het, dat die drankwinkels nie verkoop is nie, maar deur die Stadsraad behou is en ons aanvaar nie dit as 'n beginsel nie. Het enige raadslid dit gesê?-- Dit lui 'n klokkie by my. Ek dink raadslid Kodisang ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

Waar is dit op die notule? -- Dit is nie genotuleer dat hy beswaar aangeteken het nie.

As 'n lid van die Raad beswaar maak, waarom is dit nie genotuleer nie? -- Hy het nie 'n mosie ingedien met 'n persoon wat hom gesekondeer het nie. Dit is die rede.

Maar waarom was dit nie geskryf dat daar 'n beswaar was maar dat daar niemand was om dit te sekondeer nie? -- Ons notuleer net gesekondeerde besluite. 'n Gesekondeerde mosie word genotuleer.

Ek wil dit aan u stel dat die voorwaardes van die verkoping is belaglik. Het u aan die Raad gesê "Kyk, die voorwaardes is belaglik? -- Ek verstaan nie watter voorwaardes

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

is belaglik nie.

Het u geeneen van die voorwaardes as belaglik beskou nie? -- Ek het geen van die voorwaardes as belaglik beskou nie.

Kyk asseblief na bladsy 268 "That it be noted that the payment referred to in 3 above will either be effected by way of a loan from the Orange-Vaal Development Board repayable over a period of 20 years at an interest of 18% per year or by way of a loan from the Trust Bank Limited."

HOF : U lees van paragraaf 4 op bladsy 268.

MNR. BIZOS : Ek wil vir u vra, wanneer het u ooit gehoor dat miljoene rand se bates aan lede van die Raad verkoop is sonder om enige sent van kapitaal in te betaal? -- Dit is voorwaardes wat die Ontwikkelingsraad gestel het en u moet net onthou dat die raadslede waarvan daar nou sewe geïdentifiseer is het nie aansoek gedoen as raadslede nie, hulle het aansoek gedoen as indiwidue en u moet dit net asseblief nie koppel aan raadslede nie, maar hierdie voorwaardes, u moet onthou dit is die Ontwikkelingsraad se drankbelange wat verkoop word en dit is voorwaardes wat die Ontwikkelingsraad gestel het in oorleg met die Stadsraad. Indiwidue het as indiwidue aansoek gedoen en nie as raadslede nie. As private indiwidue het hulle aansoek gedoen.

Is u ernstig vir 'n persoon wat u posisie beklee met daardie antwoord? -- Ja, ek is ernstig.

Is u mening dat as 'n persoon die wins deur 'n maatskappy kry, dan is die Wet nie van toepassing nie? Is dit u mening? -- Ek het nie nou verstaan nie.

HOF : Ek begryp nie die vraag aan die hand van die vorige antwoord nie. Ek dink dat die antwoord was dat die Ontwikkelingsraad die voorwaardes daargestel het en hierdie

persone

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

persone in privaat hoedanigheid en nie as raadslede getender het nie. -- Korrek.

MNR. BIZOS : Miskien moet ek die vraag anders stel. Het u 'n afskrif van die tenders? Is hulle gepubliseer in die Gazette? -- Nie in die Gazette nie. Sover ek dit het, het die Ontwikkelingsraad dit op twee geleenthede geadverteer. Ek praat onder korreksie. Ek dink dit was in Oktober 1983 en toe in Januarie 1984.

Waar? -- Soos wat 'n mens enige tender adverteer.

Waar? -- In 'n koerant.

En is dit deel van daardie tender dat die koper hoef nie enige persoonlike kapitaal moes hê nie? -- Ek het nie die tenders self gelees nie.

Waar is daardie tender? Kan u dit vir ons kry? -- Ek kan die Ontwikkelingsraad vra om afskrifte van die tenders beskikbaar te stel.

Was dit heeltemal toevallig dat amper elkeen van hierdie drankwinkels aan raadslede gegee is? -- Ek sal nie sê dit is toevallig nie. Daar was etlike - ek praat onder korreksie, ek dink daar was 164 indiwidue wat getender het en die Ontwikkelingsraad het dit toegeken aan die mense wat die beste vermoënd was om hierdie groot bedrae te kon betaal. U sal sien party is oor R1 miljoen. Party het besighede gehad of maatskappye gevorm om geld te leen by banke.

Maar as dit 'n ope tender was, hoe het dit gekom dat elkeen van hulle of amper elkeen van hulle 'n raadslid was? Was ander mense nie geïnteresseerd om 'n drankwinkel te kry sonder om enige kapitaal in te betaal nie? -- Ek praat weer eens onder korreksie. Ek dink dit was 164 indiwidue wat getender het. Wat hulle finansiële vermoë was met die indiening van die tender kan ek nie nou vir u sê nie, maar hierdie was

... / die

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

die bestes gewees van al die tenderaars.

En dit was toevallig gewees dat die bestes die raadslede was? -- Toevallig was sewe van die bestes raadslede gewees.

Nie net sewe nie? -- Ek lees sewe.

Sewe is in elk geval genoeg vir my doeleindes. Sal u asseblief na bladsy 269 kyk paragraaf 7. (Paragraaf 7 word uitgelees) Het al die here vir die aanvaarding van daardie voorwaarde gestem? -- Dit is so genotuleer dat daar so gestem is, onderhewig aan die goedkeuring van die Minister dat daar geen nuwes uitgereik moet word nie, want die Ontwikkelings-raad - ek kan net verduidelik - was bang gewees dat indien mense intussen die drankbelange sou koop en daar in die tussentyd ook verdere nuwe drankwinkels sou gemagtig word, dat die kompetisie dit so sterk sou wou gehad het dat hierdie bestaande drankbelange wat uitgefaseer is, nie lewensvatbaar sou wees nie.

Die effek van die voorwaarde is om 'n monopolie in die guns van die raadslede te maak? -- Ek sal nie sê in die guns van die raadslede nie, maar in die guns van die indiwidue wat suksesvol was.

Ja, wat toevallig ook raadslede was.

HOF : Is al hierdie voorwaardes, voorwaardes wat gestel is as basis waarop getender sou word deur wie ook al sou tender? -- Ek het nie die tender van die Ontwikkelingsraad so in diepte gelees om ... (Hof kom tussenbei)

Ek wil weet of hierdie voorwaarde punt 7 op bladsy 269 gestel is deur die Departement of deur die Ontwikkelingsraad of deur die Stadsraad? -- Ek dink dit is gestel deur die Ontwikkelingsraad.

MNR. BIZOS : Maar dit was nie in die belang van die Stadsraad nie, was dit? Was dit nie in die belang van die

... / Stadsraad

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

Stadsraad om nuwe drankwinkels te kry om meer huurgeld te kry nie? -- Ek wil net daardie vraag laat herhaal.

Sal u saamstem dat dit nie in die belang van 'n Stadsraad is om 'n monopolie - om in 'n monopolie om vir een of ander of 'n groep van persone te stem nie? Vir 20 jaar? -- Ek dink u moet dit lees in die sin dat die Stadsraad - die Ontwikkelingsraad het gesamentlik nog 'n belang gehad in die uitfasering van hierdie drankwinkels.

Ja, maar waarom het die Stadsraad nie gesê "Kyk, die Ontwikkelingsraad moet asseblief mense kry wat geld het om die drankwinkels te koop, ons wil nie 'n monopolie in hulle guns aanstel nie"? -- Al wat ek daar kan sê is, dit was per tender geadverteer gewees.

Ons praat van die oogpunt van die Stadsraad, wie se belange u moes beskerm het? -- Dit was nie 'n belang van die Stadsraad gewees op daardie stadium nie. Dit was 'n belang van die Ontwikkelingsraad.

Maar waarom het die raadslede van die belange van die Stadsraad nie gesê "Kyk, Here, daar is baie mense wat graag 'n drankwinkel wil koop en miskien is daar mense wat geld het en as hulle geld het, sal ons die kontant kry, ons sal die rente op die kontant kry en ons kan die kapitaal gebruik, waarom moet dit verkoop word aan mense wat nie 'n pennie geld ingesit het nie en wat 'n monopolie in hulle guns vir 20 jaar sou kry"? Is daar 'n antwoord op daardie vraag? -- Ek dink ons ... (Mnr. Bizos kom tussenbei) Ek het nie 'n antwoord nie.

U het nie 'n antwoord nie. Ons gaan verder. Dit was nie die eerste keer wat die voorwaardes voor die Stadsraad gekom het nie, is dit? Sal u asseblief na bladsy 338 van die notule kyk. Is dit die notule van die vergadering van 23 Oktober 1984?

... / HOF

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

HOF : Is dit Uitvoerende Komitee of Raad? Die hele Raad?

MNR. BIZOS : Die hele Raad.

HOF : Dit sal ingaan as AAQ(25).

MNR. BIZOS ; Sal u asseblief na die heel laaste bladsy van daardie dokument kyk.

HOF : Dit is Aanhangsel J?

MNR. BIZOS : Aanhangsel J. Daar is 'n mosie ingedien. (Aanhangsel J word uitgelees) Is daardie mosie ingedien? -- Ons moet kyk na die bewoording van die notule self om te kyk ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

Is daardie mosie ingedien, ja of nee? -- Ek kan nie so ver terug onthou nie, maar ons kan vasstel.

Ek sou dink dat toe dit tot u kennis gekom het dat dit beweer is dat dit ongeldig is, u wel sou onthou het wat met die mosie gebeur het, maar kyk asseblief na bladsy 338, mosie nr. 9.1.4. Lees dit uit vir Sy Edele, asseblief. -- (Getuie lees item 9.1.4 uit aan Hof)

Op wie se raadgewing is daardie mosie buite orde gereël?

HOF : Op wie se advies? -- Die burgemeester het dit so gereël.

Maar waar kry die burgemeester die kennis van die regulasies en die Staande Orders? -- Hy het afskrifte van die wetgewing en die regulasies.

MNR. BIZOS : Het hy enige rede gegee waarom dit buite orde is? -- Ek kan nie onthou nie, maar ek dink dit het gegaan omdat die persone, die indiwidue getender het.

As Stadsklerk, kan u onthou wat die rede van die burgemeester was? -- Nee, ek kan nie onthou wat was die rede gewees nie.

HOF : Kan ons netdduidelikheid kry. U noem dit nou buite orde gereël, maar dit klink of die hele vergadering, al die mense inkluis wat tevore gestem het, nou weer gestem het

... / en

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

en hierdie keer gestem het dat dit nie toegelaat word hierdie mosie nie.

MNR. BIZOS : Ja.

HOF : So, dit is nie net die burgemeester nie. Dit lyk of die hele vergadering besluit het die mosie word afgewys. -- Soos dit hier genotuleer staan, staan dit genotuleer asof die volle raad kennis geneem het van die mosie, maar dat hulle die mosie nie toegelaat het nie, ingevolge regulasie 34. Nou weet ek nie of u die regulasies ter hand het nie.

MNR. BIZOS : As die Stadsklerk is dit nie u plig om aan die burgemeester en die raadslede advies te gee om niks onwettig te doen nie of niks onreëlmatig te doen nie? -- Ja, dit is korrek.

Daar was geen raadslede wat 'n mosie ingedien het dat die ding nou onwettig was en die burgemeester het 'n besluit geneem nie. Kan u onthou wat u advies aan die burgemeester was? -- Ek het nie advies aan hom gehad nie.

Waarom nie? Wat sê die Staande Orders in die verband? U is die Stadsklerk, die Stadsraad se klerk. Wat sê die Staande Orders in verband met mosies? Sal u asseblief vir ons na die mosie kyk soos u daar staan en sê of u iets verkeerd kan sien met die mosie van hierdie twee here? -- Ek kan nie fout daarmee vind nie.

U as die Stadsraad se klerk kan niks verkeerd met daardie mosie vind nie. Kan u onthou wat die Staande Orders is in verband met mosies wat onreëlmatighede het? -- Die persoon sal sy sitplek moet ontruim as daar 'n saak ter sprake is waarby hy... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

Nee, nee, kyk na die mosie. Formeel, is daar iets verkeerd met die mosie? -- Die mosie lees reg.

Ek sou ook so gesê het omdat die enigste rede waarop 'n

... / mosie

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

mosie uitgelaat kan word, volgens Staande Orders nr. 34 (Mnr. Bizos lees uit) Is dit die regte Staande Orders waarmee u moes werk? -- Ek luister wat u sê, maar ek kan dit nie betwis nie. Ek ken nie die regulasies uit my kop uit nie.

Het u 'n afskrif daarvan in u kantoor? -- In die kantoor, ja.

Wel, dit is wat 34 sê. "The mayor may disallow any motion or proposal which in his opinion would lead to the discussion of a matter already contained in the agenda." Dit is om duplikasie te vermy. Dit was nie een van die redes nie, nie waar nie? Stem u saam? -- Ek stem met u saam.

Dit was nie 'n duplikasie nie? -- Nee.

"Or which in his opinion has no bearing on the council." -- "In his opinion has no bearing."

Ja, maar dit moet die regte mening wees. Was dit nie in belang van die Raad nie? -- Dit was in belang van die Ontwikkelingsraad.

Maar waarom was dit nodig om 'n resolusie te neem, om 'n besluit te neem as dit nie van belang vir die Raad gewees het nie? -- Ek moet u verwys na daardie een besluit van 17 Julie waar hulle gesê het in beginsel het hulle geen beswaar ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

Maar hulle gaan aan en hulle aanvaar die verkoping en die voorwaardes. -- Ja.

Die ander is "Or in respect of which the council to his opinion has no jurisdiction as he shall disallow any motion or proposal which is agreed to would be contrary to the provisions hereof and the financial regulations of the council or any law." Stem u saam dat daar <u>prima facie</u> <u>BEWYSSTUK J</u> in orde is. -- U bedoel die mosie self?

<u>HOF</u> : Aanhangsel J.

... / MNR. BIZOS

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

MNR. BIZOS : Die mosie self. -- Ek sal daarmee saamstem.

Ek wil aan u stel dat u burgemeester daardie dag met speletjies besig was en ek sal vir u sê waarom hy die mosie buite orde gereël het. U sal dit miskien onthou. Dit word gesê dit is gestuur aan The Town Clerk of the Lekoa Town Council, maar die naam van u Raad is Town Council of Lekoa.

HOF : Stel dit asseblief weer?

MR BIZOS : The heading "Town Council of Lekoa" that is the proper name.

HOF : En dit is gestuur aan wat? "The Town Clerk of Lekoa Town Council."

MR BIZOS : So, it was not sent to the correct council. Kan u onthou dat dit die rede was waarom die burgemeester die mosie buite orde gereël het? Kan u dit onthou? -- Ek dink dit lui by my 'n klokkie.

HOF : Laat ons net eers duidelik kyk hoe die klokkie lui. Daardie klokkie lui glad nie as ek na hierdie besluit kyk nie. -- Die advokaat praat van hy is gerig aan Town Clerk of Lekoa Town Council. U Edele reken dit moes gewees het Town Clerk of the Town Council of Lekoa?

Nee, dit word aan u gestel dat die burgemeester gesê het dat die brief aan die verkeerde adres gerig is, want dit is gerig aan The Town Clerk of Lekoa Town Council, terwyl inderdaad hulle hulle naam is The Town Council of Lekoa. Daarom is die hele mosie buite orde gereël. Daardie klokkie lui nou by u, sê u? -- Definitief. Hy was tegnies probeer evalueer - ek is eerlik met u.

Is dit wat bedoel word met "has no bearing on the Town Council of Lekoa" in die besluit? -- Ja.

Nou lui daar ook vir my 'n klokkie.

MNR. BIZOS : Het u na u burgemeester gekyk en gesê

... / "Burgemeester

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

"Burgemeester, ons is volwassenes en ons is nie besig om hier te speel nie"? -- Ek het nie so vir hom gesê nie.

Waarom nie? -- Hy is die burgemeester en ek is die stadsklerk. Ek het nie sy aandag daarop gevestig nie.

Waarom nie? -- Dit is seker sy goeie reg om te sê as daar 'n tegniese fout in die mosie is.

Is daar 'n tegniese fout? Of was julle besig om met die mense speletjies te speel? -- Ek was nie besig om te speel nie. Dit was die burgemeester se goeie reg as voorsitter van daardie Raad om te sê die mosie is nie korrek bewoord nie deurdat hy praat van Lekoa Town Council en ons amptelike naam is The Town Council of Lekoa.

Wat dink u was die algemene reputasie van u Raad by daardie vergadering in die Lekoa gebied? Dit is nou na daardie besluit? -- Ek het geen terugvoering gehad ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

Soos u daar staan, is u nie skaam dat so 'n besluit geneem is terwyl u daar was om die burgemeester die regte advies te gee nie? -- Ek is nie daaroor skaam nie.

Omdat u self besig was om met die mense se regte te speel? -- Nee.

Ek stel dit aan u. Die burgemeester het spesifiek vermeld dat die aanskryfvorm in die mosie is nie korrek nie. Hy het vantevore die ander mosies ook onder daardie selfde subregulasie van die tafel afgehaal omdat die bewoording van die mosie nie korrek was nie.

U is benoem as die hoof uitvoerende beampte, nie waar nie? -- Dit is korrek.

En neem u nie verantwoordelikheid dat u vergaderings op 'n regverdige manier plaasvind nie? -- Ek neem die verantwoordelikheid daarvoor.

.. / Dink

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

Dink u dat dit 'n regverdige besluit was? -- As dit 'n regs tegniese fout was, dan moet ek die voordeel gee aan die burgemeester wat dit buite orde gereël het. Ek stem saam dat die bedoeling van die mosie baie duidelik gerig is op die Stadsraad van Lekoa, maar as die burgemeester en die volle Raad dit anders besluit het, kan ek dit nie herroep of herstel nie.

Dit was nie die eerste keer dat sulke speletjies plaasgevind het nie, was dit?

MNR. JACOBS : Met alle respek, die getuie het nog nooit toegestem dit is speletjies nie.

MNR. BIZOS : Wel, soortgelyke insidente plaasgevind het. Sal u asseblief na 'n uittreksel kyk van die vergadering van 27 November, die 10de gewone vergadering, 1984 op bladsy 64 en Aanhangsel C op bladsy 559 tot bladsy 561.

HOF : Is dit 'n vergadering van die Stadsraad?

MNR. BIZOS : Van die Stadsraad. Ons het nie die notule van die Uitvoerende Komitee gekry nie. Hulle sê ons is nie op daardie notule geregtig nie.

HOF : Dit is nou die Stadsraad, 27 November 1984. Ons merk dit BEWYSSTUK AAQ(26).

MNR. BIZOS : Is daar 'n mosie ingedien "Motion of no confidence. I hereby move a motion of no confidence against the mayor and Trades Committee of the Lekoa Tiwn Council." Dit is geteken en daar is 'n rede gegee vir hierdie mosie. Ek sal dit aan u lees. (Mosie word uitgelees) Beskou u dit as 'n soortgelyke insident as die vorige een? -- Ek sal sê dat hierdie mosie ingevolge regulasie 34 is geweier omdat die toekennings is gedoen deur die Handelskomitee van die voormalige Vaal Driehoek se Gemeenskapsraad en nie deur die Handelskomitee van die Stadsraad ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

... / Dit

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

Dit is nie die rede wat gegee is nie. Kan u onthou wat die rede was wat gegee is? -- Regulasie 34 sê "It has no bearing on the Town Council since ... " (Mnr. Bizos kom tussenbei)

Kan u onthou wat die rede was wat die burgemeester gegee het? -- Die rede wat die burgemeester gegee het, was dat hierdie toekennings van die "garage site" ensovoorts aan sy vrou is gedoen deur die Handelskomitee van die Vaal Reefs se Gemeenskapsraad en nie die Trades Committee of die Handelskomitee van die Stadsraad nie.

Maar dit is dieselfde persoon? As die bewerings reg is, so 'n persoon, of hy dit voorheen gedoen het of gedurende die tydperk van die Stadsraad, is nie 'n persoon wat die reg het om die burgemeester van 300,000 mense te wees nie? -- Die mosie sê net "There is a motion of no confidence." Die crux van die saak is dat die aanhangsel waaroor gekla word is oefeninge wat gedoen was deur die voormalige Handelskomitee van die Gemeenskapsraaden daarom het dit nie - het dit geen drakrag op die huidige Stadsraad van Lekoa nie. Dit is dinge wat gedoen was deur 'n voormalige Gemeenskapsraad.

Ek wil dit aan u stel dat die rede waarom die mosie, volgens die burgemeester by daardie vergadering nie aanvaar was nie, omdat dit van Lekoa Town Council gepraat het en nie van die Town Council of Lekoa nie. Dit is die rede wat hy gegee het. -- Dit mag 'n tweeledige rede wees. Die eerste een is die verkeerde beskrywing en die tweede een is dit is 'n voormalige raad wat dit gedoen het.

Is u as die hoof-stadsklerk en as die hoof uitvoerende offisier verantwoordelik vir enige beweerde onreëlmatighede om dit tot die kennis van die owerheid te bring? -- Hier was bewerings gewees wat gedoen is en daar was geen fout

... / gewees

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

gewees met die Handelskomitee van die Gemeenskapsraad om besighede aan enige persoon toe te ken nie, maar hierdie mosie is asof dit die huidige Handelskomitee en die huidige burgemeester is wat dit nou gedoen het. Hulle sê net hierso "recently", but they do not say when. That recently was done in 1984, before the inception of the Town Council of Lekoa en dit is waarom die burgemeester toe gesê het ingevolge regulasie 34 ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

Dra u kennis van die feit dat die bewering korrek is dat die burgemeester 'n standplaas aan sy vrou toegeken het terwyl hy 'n lid van die komitee was? -- Hy self het dit nie toegeken nie. Ek self was by daardie vergadering gewees waar die "garage site" aan die burgemeester toegeken was en die padkafee aan sy vrou toegeken was en in daardie vergadering, die burgemeester wat toe voorsitter was van die handelskomitee, het homself van die vergadering verwyder. Toe daardie twee aspekte bespreek was en toe die toekennings gedoen was, was hy voorsitter en hy het hom uit die vergadering gelaat, weggegaan.

Die feit dat daar baie applikante vir besigheidspersele was en die feit dat twee van die beste persele aan die burgemeester en sy vrou toegeken is, hoe het dit volgens u mening die reputasie van u Raad vir die gemeenskap gehelp? -- Dit was die Gemeenskapsraad wat toe ter sprake was en nie die Stadsraad nie. Dit is die goeie reg van die Handelskomitee om so 'n toekenning te maak. Dit mag baie snaaks klink, maar dit was 'n wettige toekenning gewees en ek het nie kommentaar daaroor nie.

En dat die burgemeester die raadslede belet het om dit te debatteer. Wat het dit aan die reputasie van u Stadsraad gedoen? -- Ek weet nie wanneer hy dit gedoen het nie.


Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

Ek was nie by toe hy dit gedoen het nie.

Was u nie by die vergadering van 27 November nie? -- Ja, maar die mosie was nie aanvaar gewees nie. "It had a bearing on the community council, the Vaal Triangle" en nie op die Stadsraad nie.

Het u gehoor viir 3 September dat die raadslede daar was vir hulle eie doeleindes en nie vir die welsyn van die mense nie? -- Dit is 'n algemene bewering wat altyd gemaak was in die Swartpolitiek, of dit 'n gemeenskapsraad of 'n adviserende Bantoekomitee of 'n Stadsraad was, dit was 'n algemene beskuldiging van die gemeenskap.

Het u as die stadsklerk aan die burgemeester en die ander lede van die Raad gesê omdat daar sulke bewerings is moet ons uiters versigtig wees om die situasie te probeer verander? -- Die burgemeester het dit vanself van tyd tot tyd gesê, asook die voorsitter van die handelskomitee wat dood is, mnr. Chikane, het dit by elke vergadering benadruk dat die handelskomitee is die vertoonvenster van die Stadsraad se eerlikheid en soos hy altyd gesê het mnr. FW de Klerk het gesê die administrasie moet skoon en reguit wees. Hy het ook altyd gesê die Stadsraad vir al die toekenning van persele, besigheidspersele vir die Lekoa Stadsraad moet 100% skoon en reguit wees. Dit was die amptelike beleid gewees.

Wanneer is daar 'n poging om die kwessie van die drankwinkels by die Uitvoerende Komitee te bespreek waarvan mnr. Matthysen gepraat het aangewend? -- Dit is 5 Junie en 19 Julie. U sal dit sien in die notule.

Ja, omdat daar 'n verwysing is in die notule. -- Ja.

Maar wanneer het of het dit ooit gebeur - laat ek dit so stel, het dit ooit gebeur dat lede van die Raad of die

... / Uitvoerende

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

Uitvoerende Komitee van 'n vergadering onttrek het in verband met die drankwinkels? -- Op 5 Junie het ek dit self onder die Uitvoerende Komitee se aandag gebring toe daardie verslag op 5 Junie voor die Uitvoerende Komitee was, het ek self versoek dat drie lede van die Uitvoerende Komitee, bestaande uit sewe, hulle plekke moet ontruim. Dit is die burgemeester, mnr. Mahlatsi, mnr. Piet Mokoena en mnr. Mpondo, as ek reg onthou.

En wat het toe gebeur? -- Hulle het dit nie ontruim nie, want dan sou hulle nie 'n kworum gewees het nie en daar het hulle besluit om die verslag terug te verwys na die volgende vergadering van 19 Julie en dit is so genotuleer. Ek dink u sal dit daar kry.

Hulle was dus bewus van die feit dat dit onreëlmatig was om teenwoordig te wees en deel te neem aan die besluit? -- Hulle was bewus daarvan gewees. Ek het hulle bewus gemaak.

Waarom het u nie dieselfde advies aan hulle gegee op 19 Julie toe dit voor die volle raad gekom het nie? -- Omrede hulle net die vorige besluit geneem het dat hulle geen beginsel beswaar het teen die verkoop van drankbelange nie en verder het ek hulle nie geadviseer soos op 5 Junie nie.

U is heeltemal seker dat dit beweer was dat die Raad, dit wil sê die Raad soos dit was in 1983 en ook die Raad soos dit was in 1984, dat daar baie streng bewerings van korrupsie teen julle gemaak was? -- Voortdurend was allegasies gemaak of bewerings gemaak, hetsy die Gemeenskapsraad of die Stadsraad.

Het u saam met mnr. Matjila gewerk? -- Ek het saam met hom gewerk.

Vir hoe lank? -- Sedert 1977.

Vir hoe lank was hy die burgemeester terwyl u saam met

... / hom

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

hom gewerk het? -- Vier jaar en vir die laaste twee jaar was dit mnr. Mahlatsi gewees.

Het u geweet terwyl u saam met mnr. Matjila gewerk het dat dit beweer was dat jy nie 'n besigheid kon kry nie, as u hom nie 'n taamlike groot bedrag geld oorhandig het nie? -- Dit was gesê gewees. Dit was bewerings gewees wat gesê was.

En uiteindelik is dit so bewys in die hof? -- Die hof-uitspraak was in 1985 gewees.

Uiteindelik is dit so bewys? -- Korrek.

Gedurende die vier en 'n half jaar dat u saam met mnr. Matjila gewerk het, het u enige rapport gemaak van die bewerings van korrupsie teen mnr. Matjila? -- Ek kon geen rapport gemaak het nie, want ek het geen skriftelike verslag van iemand gehad nie. Dit was net in die wandelgange gesê gewees.

Het dit nie vir u eienaardig gelyk in verband met die bewerings dat ten minste 'n deel van die bewerings reg was dit wil sê dat vriende en lede van die familie van mnr. Matjila dit reg gekry het om besighede te kry nie? -- Na die Hof-uitspraak in 1985 was dit vir my baie duidelik gewees dat daar wel substansie was in die allegasies.

Wat was u werk terwyl mnr. Matjila die burgemeester was? -- Ek was toe die assistent-direkteur vir die Departement Gemeenskapsdienste en ek het die handelskomiteevergaderings ook bygewoon van tyd tot tyd.

Het u hom ooit gewaarsku dat daar miskien 'n verkeerde indruk geskep sal word as al die besighede of persele aan lede van sy familie en vriende toegeken is? -- Ek het dit nie vir hom genoem nie. Dit was die voorreg van die handels-komitee om persele toe te ken aan die mense wat hulle gedink het en al die mense is gereeld uitgenooi vir vergaderings en

... / onderhoude

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

onderhoude. Dit was nie mnr. Matjila self wat die toekennings gemaak het nie, maar dit was die handelskomitee wat die betrokke toekennings gemaak het.

Was lede van die handelskomitee lede van sy party? -- Die politieke partye in daardie stadium was nie so op die voorgrond gewees nie. Dit was die Umbumba party wat destyds aan bewind was, maar ek kan nie sê hoeveel van die handelskomitee was lede van sy party nie, maar ek neem aan in die bedryf van die politiek is dit maar net outomaties dat die leiersfiguur die mense op sy komitee gekoöpteer of genomineer sal kry deur die ander lede van die gemeenskapsraad. Dit is 'n algemene beginsel.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

K177 MNR. BIZOS DEEL HOF MEE DAT BESKULDIGDE NR. 15 TERUG IS IN DIE HOF.

NICOLAAS PRINSLOO LOUW, nog onder eed

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS (vervolg) : Mnr. Louw, sal u saamstem dat alhoewel die nuwe raad van 1 Januarie 1984 af 'n nuwe raad op 'n nuwe stelsel was, die mening van die algemene publiek was dat dit min of meer dieselfde ou raad was? -- Ek sal daarmee saamstem.

En al die klagtes wat die mense sou gehad het teen mnr. Motjeane en ander raadslede was ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Motjeane of Matjila?

MNR. BIZOS : Matjila en die ander. Hulle het die raad as dieselfde liggaam beskou. -- Ek sal daarmee saamstem. Daar was nie 'n groot verskil nie.

Is u bewus van die feit dat professor Van der Walt van die Potchefstroomse Universiteit 'n ondersoek ingestel het na 3 September? -- Ek is bewus daarvan.

... / En

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

En is u bewus van die dokument wat reeds voor die Hof is as BEWYWSTUK AAQ(2)? -- Dit is korrek.

Ek wil sy bevindings aan u lees en u vra of u enige kommentaar daarop te lewer het en of u saamstem dat die algemene publiek die raad gegee was soos deur professor Van der Walt gegee is, gedurende die tydperk. (Mnr. Bizos lees vanaf BEWYSSTUK AAQ(2).) Stem u saam dat die klagtes was "Ons verwag om meer te betaal as ander persone in soortgelyke posisies"? -- Dit is korrek.

(Mnr. Bizos lees punt 3 uit) Het u enige kommentaar daarop te lewer? -- Ja, ek stem daarmee saam.

Ons sal na daardie een terugkom in verband met u begroting, maar u stem saam met die professor. (Mnr. Bizos lees punt 4 uit) Ek dink dat u getuienis vanoggend tot daardie effek was. (Mnr. Bizos lees punt 5 uit) Sal u saam met die professor stem? -- Met die bewering dat daar - ja.

Dit is 'n bevinding van die professor. -- Ek weet nie wat sy bevinding was nie, maar ek kan dit nie bevestig nie.

Kan u nie bevestig ... -- Ek kan nie bevestig dat daar wel korrupsie was nie.

HOF : Nee, die punt is nie dit nie. Die vraag is, was daar bewerings, gerugte, stories oor korrupsie? -- Ja, bewerings en stories.

Was daar baie stories oor korrupsie? -- Daar was stories oor korrupsie.

MNR. BIZOS : U stem saam met daardie bevinding? -- Ja.

Die professor bevind nie of dit reg of verkeerd is nie, dit is net die bewering. -- Ja, dat die bewering so is. Ek is met u.

(Mnr. Bizos lees finale punt van verslag uit) -- Korrek. Ek stem saam.

... / In

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

In verband met die begroting, AAQ(2), ek wil u verwys na bladsy 39. Het u as stadsklerk deelgeneem aan die gesprek in verband met die begroting in die Uitvoerende Komitee en in die raadsvergaderings? -- Ja.

Wat beteken die syfers vir u?

HOF : Watter syfers wil u van weet?

MNR. BIZOS : Die feit dat R52 000,00 'n verlies is.

HOF : 'n Verlies van R52 750,00.

MNR. BIZOS : In verband met die besigheidspersele van die Raad? Wat beteken dit vir u? -- Ek sal bladsy 39, maar ek sien nie van R52 000,00 nie.

Heel onder.

HOF : Heel onder sien u R52 750,00 met 'n minus daar agter? -- U het gesê bladsy 39. Ek sien R52 750,00 met 'n minus. Met ander woorde, daar is 'n tekort.

MNR. BIZOS : Wat beteken dit? U is die Stadsraad se klerk en die Stadsraad is kort aan geld. Hy het geld nodig en dit wil alle stappe neem om 'n verhoging van die huurgeld van die mense te kry. Wat beteken daardie bladsy vir u? -- Dit beteken dat daar 'n tekort is aan die inkomste van R52 750,00.

In verband met wat? -- Dit is van die handelspersele. Met ander woorde die huurgeld op handelspersele.

Of by die Uitvoerende Komitee of by die raadslede se vergaderings het u of enige ander persoon gesê "Maar dit is nonsens, dit kan as nonsens beskou word, dat daar 'n netto verlies op ons besighede is?"-- Wat normaalweg gebeur, as daar 'n verlies is, dan neem 'n mens kennis daarvan en jy stel stappe in om die geld wel te in in die volgende finansiële jaar.

Maar hier in die begroting is dit besluit om dit so te laat, dat ons verhoog die huurgeld vir huise, ons verhoog



Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

nie die huurgeld vir besigheidspersele nie en ons maak 'n verlies van R52 000,00. Hoe regverdig is dit? -- Nee, dit is die Stadsraad se prerogatief om te kyk wat sy verliese is, waar sy verliese is en hoe hy dit wil regstel. Die Stadsraad het nie besluit om die huurgeld te verhoog in daardie finansiële jaar nie.

Hoekom? -- Omdat hierdie handelspersele hoofsaaklik nog die handelspersele van die Ontwikkelingsraad was en dit in die proses van oordraging was aan die Stadsraad van Lekoa.

Maar dit maak dit erger, nie waar nie. Waarom was dit in die belang van die Stadsraad om nie daardie huurgeld te verhoog nie? -- Ek sou 'n totale inkomstebegroting of uitgawebegroting van omtrent R40 miljoen is R52 000,00 'n relatiewe klein bedrag en hulle sou dit deur middel van regstappe probeer ondervang het. Dit is 'n baie klein persentasie van die totale inkomste, die tekort.

Hoe groot is 'n C tipe winkel? -- Dit is 'n klein tipe winkeltjie. U het drie tipe winkels ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

Hoe groot is die C tipe winkel? -- Dit gaan nie oor die grootte van die winkel nie. Dit gaan oor die ekonomiese vatbaarheid, lewensvatbaarheid van 'n winkel. 'n C grootte winkel word nie gekoppel aan vloeroppervlakte nie. Dit gaan oor die tipe van besigheid.

Is daar C tipe winkels wat groter is as die huise waarin party mense woon? -- Ek sou sê daar kan wees, meestal is dit kleiner.

Hoeveel moes die persoon wat handel dryf in 'n C tipe winkel betaal? -- Hy betaal sy huurgeld.

Hoeveel is dit? -- Dit hang af van die oprigtingskoste van die winkel en wanneer dit opgerig is.

... / Nee

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

Nee, wat is die huurgeld wat betaalbaar is? -- Dit hang van besigheid tot besigheid af. Ek wil dit net duidelik stel, daar is twee tipe van besighede wat C is. Die een is 'n raadswinkel wat gehuur word en hy het 'n huurgeld.

Hoeveel is dit? -- Dit kan wees enigiets - dit kan enige bedrag wees, sê tussen ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

U is die stadsklerk. -- Ek probeer verduidelik.

Hoeveel is dit? -- Die een is 'n R19,00 handelsreg, R19,00 "trading site rental" en dit is vir 'n C tipe, maar as die persoon self sy besigheid opgerig het en die gebou behoort aan homself en hy betaal 'n handelsreg van R19,00 aan die eienaar van die grond per maand. Die ander een is ook 'n C tipe besigheid, maar die gebou self behoort aan die Ontwikkelingsraad en daar is die handelsreg en die huurgeld is in een bedrag ingevleg.

Hoeveel is dit? -- Dit kan enige bedrag wees, Dit hang af van die gebou.

Gee vir ons 'n voorbeeld, asseblief. -- Dit kan R12,00 wees, dit kan R30,00 wees, dit kan R15,00 wees.

Sal u saamstem as ons dit per vierkante meter neem, dat daar voorbeelde is waar mense meer betaal aan die Raad vir 'n huis as 'n winkel? -- Dit mag so wees.

Het iemand by enige van die vergaderings gesê "Kyk, die mense sal ons <u>bona fides</u> betwyfel. Dit is nie regverdig nie. Ons moet die huurgeld vir besigheidspersele opskuif"? -- Daar was so 'n versoek. Ek kan dit onthou.

Wat het van daardie voorstel geword? -- Die Raad het dit bespreek, die Uitvoerende Komitee het dit bespreek en hulle het gevoel omdat die aantal besighede so relatief klein is in verhouding met die aantal woonhuise wat verhuur word, wil hulle in daardie stadium hulle eerste jaar van munisipale

... / regering

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

regering en administrasie, wou die Raad nie die huurgeld van winkels opskuif nie.

Hoeveel van die raadslede is winkeliers? -- As ek nou moet dink van die 39 kan daar seker omtrent 12 wees, 12/13. Ek reken omtrent 13.

Is dit al? -- Omtrent 'n derde.

En hoeveel van die lede van die Uitvoerende Komitee is winkeliers? -- In daardie stadium of nou?

Ons praat van 1984, Junie? -- Dit was die burgemeester, die onder-burgemeester en Paul Mahlatsi, dit is drie en Zunga, dit is vier. Piet Mokoena was nie - ek sou sê 4.

Piet Mokoena was ook 'n winkelier.

MNR. JACOBS : Kan ons net duidelikheid kry, die drankwinkels was hulle al toegeken daardie tyd of soos mnr. Bizos se eie vraag in daardie jaar in 1984? As ek die getuienis reg verstaan het dan is die drankwinkels getender voor, maar tot op hierdie stadium het die meeste getuies hier getuig is dit nog nie op hulle name oorgedra nie.

HOF : Laat ons dit net duidelik stel. Daar was 4 lede van die Uitvoerende Komitee wat winkeliers was en mnr. Mokoena het die vooruitsig gehad om 'n winkelier te word? -- Ek sal daarmee saamstem.

MNR. BIZOS : Dit is ten minste 4, miskien 5. Van hoeveel? -- Hulle was 7. As ek net ter toeligting vir die Hof kan sê dat 4 van die 7 van die Uitvoerende Komiteelede het hulle besighede gehad lank voor die instelling van die Stadsraad. So, hulle was besigheidsmanne gewees voordat hulle raadslede geword het.

Maar hulle was ook lede van die vorige Raad? -- Nie almal van hulle nie.

Party? -- Party van hulle. Ek sou sê dit was Esau


Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

Mahlatsi en Zunga. Van die wat besighede gehad het was net twee voormalige raadslede. Die ander is nuwe raadslede.

Daar is 'n bewering in BEWYSSTUK AAQ(26) dat 'n raadslid sy party verlaat het omdat hy 'n winkel belowe was. Kan u onthou wie dit was? -- Nee, ek kan nie onthou wie dit was nie.

Wasdit nie mnr. Mofokeng nie? Mnr. PS Mofokeng? -- Daar is twee raadslede, ES Mofokeng en PS Mofokeng.

PS Mofokeng. Is hy nou 'n besigheidsman? -- Sover ek weet, nee.

Maar het hy die reg gehad om 'n besigheid te open? -- Hy kon seker as hy 'n besigheid toegeken was. Op daardie stadium kan ek nie onthou dat PS Mofokeng ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

Wanneer is hy 'n besigheid toegeken? -- Ek kan nie onthou of hy wel 'n besigheid toegeken is nie.

Kan u vasstel, asseblief? -- Ek kan vasstel.

Wanneer dit was en die aard van die besigheid. -- Kan ek dit net reg verstaan. Is die bewering dat hy wel 'n besigheid toegeken is in die tussentyd sodat ek kan vasstel of dit wel so is?

HOF : Hoe belangrik is dit, mnr. Bizos? Ek is eintlik nie met 'n ondersoek na korrupsie besig nie, maar ek is besig met 'n hoogverraadsaak.

MNR. BIZOS : Omdat hy dit ontken het. Net vir die geloofwaardigheid van mnr. Mofokeng.

HOF : Maar as hy dit nou vasstel by wyse van hoorsê, wat se krag het dit?

MNR. BIZOS : Nee, in die notule van die Raad. Kan u vasstel of dit so is of nie? -- Kan ek net verneem, die notule van die Raad waarna u nou verwys, wat is die datum van die notule? Dit kan dit vir my baie makliker maak om dit wel na

... / te

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

te spoor?

HOF : Mnr. Bizos, u verwag half die onmoontlike van die getuie, want daar is 'n bewering van die vorige getuie dat hy nie 'n besigheid het nie. Nou moet hy deur al die boeke kyk of die man 'n besigheid het.

MNR. BIZOS : Of hy 'n besigheid toegeken is. Daar mag ander wyses wees om dit vas te stel. -- Ek sal dit vasstel.

As die huurgeld vir die besigheidspersele verhoog was - kan u sê tot watter mate dit verhoog kon word sonder om die besighede bankrot te maak? -- Ek sou sê in alle redelikheid, dit hang van besigheid tot besigheid af. Ek wil dit net vir u prakties probeer toelig dat die besighede in Sharpeville is 'n kilometer van Pick 'n Pay af. Daar is 'n oormaat van besighede in Sharpeville wat op die rand van bankrotskap was, wat in die tussentyd toegemaak het nadat Pick 'n Pay oopgemaak het omdat die Swartmense in Sharpeville hoofsaaklik by Pick 'n Pay koop en nie hulle eie handelaars ondersteun nie. So, ek sou sê wat Sharpeville aanbetref sou 'n verhoging in huurgeld die handelaars in Sharpeville baie, baie negatief geraak het.

Ons kan dit verstaan in verband met Sharpeville, maar in die algemeen, hoeveel betaal 'n persoon aan die eienaar van grond om 'n garagebesigheid te dryf? -- Dit gaan volgens die verkope van die aantal liter petrol per maand, daar is 'n rebat of 'n afslag of eintlik 'n tantiem wat ingereken is, dit hang af van hoeveel hy verkoop en 'n sekere persentasie daarvan kom dan toe aan die eienaar van die grond wat die Ontwikkelingsraad is. Die res gaan aan die petrolmaatskappy wat die gebou opgerig het en 'n groot deel daarvan kom dan na die Swartman toe.

Hoeveel garages is daar in die Lekoa gebied? -- Ek dink

... / in

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

in Lekoa is daar omtrent ses of sewe.

Hoeveel kry Lekoa vir elke garage wat daar is? -- Ek kan dit nie vir u in rand en sent uitdruk nie. Ek sal dit moet nagaan. Dit word eintlik betaal aan die Ontwikkelingsraad en die Ontwikkelingsraad betaal dit weer oor aan die Stadsraad van Lekoa.

Waarom is dit so? Waarom is dit nie 'n besluit van die Lekoa Raad nie? -- Dit sal nou 'n besluit raak van die Lekoa Raad as dit oorgedra is van die Ontwikkelingsraad. Die besigheidsbelange is in die proses om oorgedra te word by wyse van ooreenkoms aan die Stadsraad van Lekoa en daarna sal Lekoa - die Stadsraad van Lekoa in 'n posisie wees om net 'n begrotingsvergadering, 'n nuwe beleid te formuleer om te sê dit was altyd soveel gewees, maar van nou af vorentoe neem hulle 'n ander beleid in oënskou en hulle kan dan besluit.

U Stadsraad is verplig om R52 750,00 aan die Ontwikkelingsraad te betaal? -- Ek weet nie waar u aan die bedrag spesifiek kom nie.

Kyk na die begroting. As u getuienis korrek is, was die Stadsraad verplig om R52 750,00 aan die Ontwikkelingsraad te betaal.

HOF : Hoe kry u die kloutjie by die oor? How does that tally? On the figures. There is a net deficit of R52 750,00. That does not mean that that is the amount which is paid over.

MR BIZOS : Over and above the other income. If the evidence is correct, all the income is paid over to the Development Board, but there is R52 750,00 short which the Town Council has got to make good.

HOF : Is dit reg? Word die inkomste wat hier gemeld word oorbetaal aan die Ontwikkelingsraad? Ek het gedink dat hierdie

... / begroting

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

begroting te doen het met julle uitgawes en julle inkomstes? -- Dit is ons inkomste en ons uitgawe.

COURT : The point remains the same, whether they carry the can or not. I cannot see in this budget that the money is paid over to the Development Board.

MR BIZOS : If the witness is correct in his evidence that all the income is paid over to the Development Board because the businesses were not transferred, we have the situation that there is expenditure.

COURT : Then it is the expenditure also of the Development Board. So, the lossis that of the Development Board. I take it that this budget is on the basis that the businesses are transferred, that they then carry the expenses and that they have the income.

MR BIZOS : Yes, and they lose R52 000,00 which has got to be paid to the Board, otherwise it is not a debit and the books will not balance if it is not paid.

COURT : This budget is on the basis that the businesses are transferred to the Town Council. Then they will have to carry the costs of those businesses and have the income and on that basis they will have a loss of R52 750,00?

MR BIZOS : I am indebted to Your Lordship. I will put it on that basis.

COURT : The point remains the same, whichever way it works.

MNR. BIZOS :Wat ek nou aan u wil stel is dit. Dat vir 'n Raad wat sy eie mening sou uitgespreek het en die belange van die mense in die oog gehou het, kon u vir so 'n begroting stem? -- Ek weet nie, ek kan nie met u saamstem nie. Die Stadsraad het kennis geneem van die tekort, maar hulle het gesê in die toekoms sal hulle weer by 'n begrotingsbeleid kom waar hulle definitief die handelaar sal verplig om meer te

... / betaal

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

betaal, maar in daardie stadium in Juniemaand was die Raad net ses maande in werking en hulle het nog nie hulle weg oop gesien om in so 'n vroeë stadium reeds 'n beleid te formuleer wat handelaars raak nie, omdat die meeste handelaars volgens inligting gesukkel het om kop bo water te hou.

U het vir ons gesê dat u stem saam met professor Van der Walt se aanbeveling dat daar ander bronne gevind moes word om die ontwikkeling van die gebiede te finansier sonder om die huurgeld te verhoog. Kan u dit onthou? -- Ek het daarmee saamgestem.

Watter stappe het u Raad geneem om die verhoging te vermy? Watter ander bronne het die Raad probeer vind? -- Op 29 Junie het hulle darem R1,9 miljoen van hulle surplusfondse gebruik om die R11,37 af te bring na R5,90 toe. Dit is die eerste metode wat hulle gemaak het.

Het iemand voorgestel dat as die kwartmiljoen mense die eiendomme van die besigheidsmense van Vanderbijlpark en Vereeniging groter maak, dat Vereeniging en Vanderbijlpark asseblief moet help om die verhoging te vermy? -- Vanderbijlpark en Vereeniging, Blanke plaaslike besture moes eiendomme groter gemaak het.

HOF : Die gedagte is dat weens die koopkrag van die Swartgemeenskap word die besighede in Vanderbijlpark en Vereeniging sterk en daarom moet van daardie kant af 'n subsidie kom om hierdie huurverhoging te vermy. -- Nee, ek kan nie onthou dat dit enigsins voorgestel was nie. Wat ek kan onthou ek dink raadslid Zunga het voorgestel dat van die besighede wat op die grense van Boipatong en Bophelong - moet geïnkorporeer word in die Raad se regsgebied, want u weet dat daar is 'n bufferstrook en net langs die bufferstrook het jy Cape Gate en Wild Industries, verskillende nywerhede. Sy

... / gedagte

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

gedagte was gewees dat die Stadsraad van Lekoa, omdat dit nou 'n Stadsraad is, outonome plaaslike bestuur is, moet ons ons grense uitbrei en verskuif om die Blankenywerhede in te sluit in ons gebied en dan kan ons die belastingheffings, "rates and taxes" wat aan die plaaslike bestuur Vanderbijlpark gaan - kon ons dan vir Lekoa toeëien. Daar was ook 'n gedagte aan gewees, maar op hierdie stadium of op daardie stadium was dit nog nie moontlik gewees nie. Dit was glad nie moontlik gewees nie, want daar is so 'n ding soos 'n Groepsgebiede Wet waarna ons sou moes gekyk het, om dit wel te kon realiseer het.

MNR. BIZOS : Het u nog BEWYSSTUK AAT(2) voor u?

HOF: Dit is die begroting. -- Ja.

MNR. BIZOS : Sal u asseblief na die einde van daardie dokument gaan. U sal opmerk dat onder die "community services" op bladsy 3 ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Kyk u na die kapitaalbegroting?

MNR. BIZOS : Na die kapitaalbegroting. Sal u na bladsy 3 kyk. U sal opmerk dat onder "community services - business premises" hoeveel geld vir die omgewing van die besigheidspersele toegeken is in vergelyking met die plek waar die mense woon? "Shopping centre, tarring of site"? -- Ek sien Boipatong tarring of space around shops" waar daar gewoonlik water is en die mense nie kan parkeer nie.

"Services for industrial area"? -- Dit is R4 000,00 Boipatong, Bophelong is R5 000,00.

Ja, ons kan al die syfers lees, maar waarop ek u aandag wil vestig is dat daar belangstelling in die besigheidsdele van die gebied? -- Om dit te verbeter.

HOF : Meer as in die woongebied, is die gedagte. Wat sê u daarvan? -- Kan ek net sien waar sien u in die woongebied.

... /MNR. BIZOS

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

MNR. BIZOS : Dit sal moeilik wees presies om uit te vind watter die woongebied was, maar stem u saam dat onder elkeen van die gedeeltes, is dit op die besigheids- of industriële zone wat 'n aantal ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Is dit nou heeltemal reg? As u kyk na bladsy 2 onder "housing", daar is groot bedrae van R500 000,00; R100 000,00; R190 000,00. -- "Winding of road R850 000,00. Tarring of roads R213 000,00. Tarring of roads Zone 11 R495 000,00. That is half a million. Zone 12 tarring of parking area ..." (Mnr. Bizos kom tussenbei)

MNR. BIZOS : Maar as u na die twee bladsy kyk. -- Dit is baie klein relatief in verhouding tot die woongebiede.

Dit is hoe u dit lees, maar ek wil aan u stel dat as u hierdie syfers vergelyk, was daar groot bedrae vir die guns van die besigheidsmense. -- Ek wil dit kwalifiseer deur te antwoord dat dit nie net vir die besigheidspersone is nie. Dit is vir die kliënte wat die besighede besoek veral in reëntye waar die winkels se parkeergebiede nie geteer is nie. Om dit vir die inwoners beter te maak, het hulle gedeeltes geteer sodat die mense net op 'n harde blad kan parkeer. So, dit is vir die gemeenskap in die geheel en nie net vir die paar besigheidsmense nie. Dit is vir die inwoners wat daar kom besoek aflê.

Was daar bewerings dat die industriële persele reggekry moes word vir die raadslede? Was daar sulke bewerings gemaak? -- Nee, daar was nie sulke bewerings nie. Weer eens, in aanhalingstekens, 'n mens kry verskillende bewerings in 'n politieke klimaat. So, ek sou sê daar kon bewerings gewees het, maar in effek glo ek nie daar is meer as twee raadslede wat besighede gekry hetin die nywerheidspark nie, van die 31 persele nie. Die bewering kan reg wees.

... / Sal

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

Sal u saamstem dat aan die begin van Augustus toe u die brief uitgestuur het en die advertensie gepubliseer was, as u goed gedink het sou dit onmoontlik gewees het om 'n publisering in die Gazette voor 1 September te kry. -- Ons het gereken dit is twee weke tot 15 Augustus, as daar geen besware sou wees nie, sou ons 'n spesiale raadsvergadering belê het wat binne 'n dag of twee kon plaasgevind het en as daar geen besware was nie, dan kon ons 'n raadsbesluit geneem het dat ons moet voortgaan met die publisering daarvan en dan sou ons deurgegaan het na die Departement toe en met hulle samewerking sou hulle 'n reëling kon tref met die Staatsdrukker om die tariewe so gou as moontlik af te kondig. Ek sou sê in alle redelikheid was 1 September 'n bietjie fyn gesny, maar dit is waarom ons gesê het "we anticipated it not before the 1st of September,"maar dit kon dalk 'n bietjie langer geduur het. Ek is met u daar. Normaalweg is dit 'n ses weke ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

Veronderstel dat daar wel besware was of het u nie enige besware verwag nie? -- Nee, ons het verwag dat as daar besware kon wees, was dit die Raad se prerogatief om daaroor te debatteer.

Hoeveel dae moes kennisgewing van 'n gewone Stadsraadvergadering plaasvind? -- Ons kon 'n spesiale raadsvergadering ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

Maar waarom was u so haastig? -- Om die tariewe so gou as moontlik afgekondig te kry omdat ons finansiële jaar loop van 1 Julie af en ons is alreeds by die einde van, 1 Augustus het die advertensie in die koerant verskyn. So, ons wou in alle redelikheid om ons inkomste te kongenereer, soos ons in die begroting voorspel het, wou ons dit so gou as moontlik afgekondig gekry het sodat ons kon begin met die implementering

... / daarvan

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

daarvan.

Hoeveel dae moes u vir 'n gewone vergadering kennis gee? -- Ons gee normaalweg 7 dae kennis. Dit is vir 'n gewone raadsvergadering.

Dit sou ons ten minste tot die 22ste gebring het, nie waar nie? -- As dit 'n spesiale raadsvergadering was, kon ons dit vroeër belê het, met ses handtekeninge van raadslede.

U sou minder as 10 dae gehad het om al die stappe te neem? -- Dit is korrek.

Was dit u ondervinding dat u dit by die Gazette kon gekry het voor 1 September? -- Ons het in alle redelikheid en in alle goeder trou aanvaar dat as ons die tariewe kon afkondig sê teen die derde week van September of die laaste week van September, met terugwerkende krag van 1 September, dan kon ons dit nog op 'n manier deurgehaal het, maar ons het later van tyd verstaan van die regsafdeling af by die Star dat jy kan nie tariewe afkondig met 'n terugwerkende krag nie. Jy kan hulle slegs van die 1ste van 'n maand daaropvolgende implementeer het, maar dit was alles ter goeder trou gewees. Ons wou dit van 1 September af gehad het. Indien ons die proklamasie in die Staatskoerant kon laat verskyn het, sê die laaste Vrydag in September met retrospektiewe effek van 1 September af. Die 1ste van dieselfde maand waarin dit afgekondig gewees het. Dit was die idee gewees.

Maar as die besluit op 29 Junie geneem was waarom was daar niks gedoen tot die begin van Augustus nie? -- Dit was 29 Junie die raad se vergadering en daarna het ons die stukke reggekry, die notule wat in die volgende raadsvergadering, ek dink dit was 29 Junie - Augustusmaand, ek kan nie onthou wat was die datum nie, ek dink dit was 27 of 28 Augustus. U sal onthou op 29 Junie was die raadsvergadering gewees

... / waar

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

waar die amptelike begroting goedgekeur was en daarna het ons gegaan met die opstelling van die advertensie en dit toe geplaas vir 1 Augustus. Daar was geen haas gewees om voort te gaan alvorens die 15 dae verstryk het van die kennisgewing wat 15 Augustus plaasgevind het nie en die goedkeuring vir die notule op 29 Junie was gedoen gewees met die Raad se vergadering. Ek dink dit was 17 Julie gewees.

Ja, dit lyk of die advertensie sê dat mense het tot 22 Augustus gehad om beswaar te maak. -- Is dit nie die 15de nie?

Die sou vir inspeksie lê tot die 15de en besware kon tot die 22ste ingedien word. -- Ja-nee, dan kan dit korrek wees, die 22ste. Hy lê ter insae tot die 15de, maar hulle het nog kans gehad tot 'n week daarna, tot die 22ste.

U het nie daaraan gedink dat u dit kon publiseer voor 1 September nie? -- Ons het 'n gesprek gehad met iemand by die Departement in Pretoria en hy het gesê as ons 'n spesiale raadsvergadering kon belê en ons kan met 'n kar deurgaan met die raadsbesluite, sal hy probeer reël dat hy met die Staatsdrukker die nodige tariewe kon laat afkondig teen die einde van September.

In elk geval, was daar ooit enige gesprek oor die opstelling van 'n petisie van lede van die gemeenskap teen die verhoging? -- Ek weet nie van so 'n petisie nie. Ek weet net dat die mense was wel uitgenooi om besware aan te teken, maar tot my kennis het ek geen petisie ontvang nie.

Nee, was daar enige gesprek by enige vergadering van die Raad dat as mense ontevrede is hulle 'n petisie moet indien? -- By die vergadering van die Stadsraad?

Ja? -- Dit was besluit gewees dat dit gepubliseer moet word vir besware en dit is so genotuleer.

Is daar enige besluit geneem vir die opstelling van enige

... / petisie

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

petisie? -- Daar was nie 'n gesprek gevoer oor die opstelling van 'n petisie nie. Dit was net gesê gewees mense kan beswaar aanteken indien dit gepubliseer word. Die voorgestelde verhoging moet gepubliseer word waartydens mense hulle beswaar kan aanteken. Die Raad het daarvan geweet en dit is ook so besluit.

Met wie het u reëlings getref voor 1 September om dit op 1 September te publiseer? -- Ek was in gesprek gewees met 'n amptenaar van die Departement van Samewerking en Ontwikkeling Pretoria.

Wie is dit? -- Ek vermoed dit was 'n mnr. Trollip - kan dit Trollip wees? Kan dit iemand anders wees? Dit kan een van twee wees, maar ek kan nie presies sê watter een van die twee dit was nie. Die persoon het my verseker dat as ons die raadsbesluit gekry het dat daar geen besware was tot en met die 22ste toe nie, dan moet ek die besluit van die Raad formeel deurneem per hand en dan sal hulle dit amptelik, want dit is "subject to the approval", dit is onderhewig aan die goedkeuring van die Departement en dan sou hy die Departementele goedkeuring bespoedig en dit dan laat afkondig het by die Staatsdrukker.

Wie dit ook al was met wie u gepraat het, dit was nie die Minister nie? -- Nee, dit was nie die Minister nie. Dit was 'n amptenaar van die Minister.

Toe u daardie reëlings getref het, het u nie geweet of daar enige besware sal wees of nie? -- Ek het 'n gesprek gehad met die persoon wat vir my gesê het as daar nie besware sou wees nie, dan kan jy die volgende prosedure volg. Kry jou Raad se goedkeuring en bring dit deur. As daar nie besware sou wees nie, kon ek dit deurbring en hy sou die afkondiging bespoedig het.



Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

U sien, ek wil aan u stel dat volgens regulasie 4 van die regulasies van 18 Mei 1984 dit onmoontlik sou gewees het om dit voor 1 September te publiseer. Wil u die regulasie sien? -- Nee, dit is nie nodig om dit te sien nie. Ek sê net die omsendbriewe sê "it is anticipated". Dit word voorsien. As dit nou nie kon gebeur het nie, dan sou ons aanvaar het dat op 'n later datum ... (Mnr. Bizos kom tussenbei)

Ek wil iets aan u stel sodat u dit kan vasstel. Ek wil aan u stel dat daar nooit enige huurgeldverhoging gepubliseer is in die Vaal Driehoek nie. Wat sê u daaromtrent? Nie net in 1984 maar van voor dit. -- Nog nooit.

HOF: Daar is nooit ooit enige verhoging van huurgeld gepubliseer nie? -- Ek dink die Wet op Swart Administrasierade, Wet 45 van 1971 en ook ek dink die jongste Wet 4 van 1984 vir Ontwikkelingsraad, soos ek dit het, die hoofdirekteur het my so ingelig, is die Ontwikkelingsraad of 'n Administrasieraad nie verplig by wetgewing om enige huur- en dienstetariewe af te kondig nie en dit is hoekom dit in die tyd van die Vaal Driehoek se Gemeenskapsraad nooit afgekondig is nie.

MNR. BIZOS : Laat ons die feite vasstel en miskien stem die howe in sekere beslissings nie saam met u nie, maar stem u saam dat daar nooit enige publikasie in die Gazette was van enige verhoging van enige huurgeld in die Vaal Driehoek nie? -- Dit was nooit afgekondig gewees nie. Ek stem daarmee saam.

U weet van geen beslissings in ons howe wat sê as daar nie so 'n publikasie is, die verhoging nie geldig is nie? -- Ek dink ek het in die Sowetan gelees in Nelspruit in die laeveld was daar 'n probleem gewees waar die laeveld se Ontwikkelingsraad ook nie die tariewe afgekondig het nie.

Dit gaan 'n bietjie verder, tot die Kaap. -- Wel, ek is 'n

... / bietjie

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

bietjie oos nou.

Maar u weet niks daarvan nie. -- Ek het gehoor van 'n hof-uitspraak waar die voordeel gegee is aan die beskuldigdes wat nie betaal het nie en die verdediging het gesê maar dit is nie afgekondig nie. As gevolg daarvan blyk dit nou 'n algemene reël te wees dat hulle dit moes afgekondig het, maar in die Vaal Driehoek was dit nooit afgekondig nie.

Dit is miskien een van u probleme. -- Net ter toeligting as ek miskien net iets kan sê, op 18 September, as u dit daar lees, sal u sien ons het toe besluit "to promulgate the existing house rental and service charges." Die bestaande, wat nooit afgekondig was nie, het ons toe darem afgekondig en dit is nou afgekondig.

HOF: Is in September die bestaandes afgekondig? -- Ons het 'n besluit geneem dat die bestaandes afgekondig moet word en dit is nou afgekondig.

MNR. BIZOS : Wanneer was dit afgekondig? -- Ek dink dit was, ek praat onder korreksie, ek sal dit moet gaan haal, omtrent in April 1985.

Dit is 'n bietjie ver van 3 September af? -- Ja. Dit kan einde Maart 1985 wees.

In elk geval, dra u kennis van die feit dat die Minister die voorreg het om nie 'n verhoging goed te keur nie, volgens die regulasies? -- Dit is sy finale beslissing. Dit is onderhewig aan sy goedkeuring.

Hy kan vir verdere besonderhede vra? -- Hy kan.

En dit kan terug verwys word vir verdere oorweging? -- Dit is korrek.

Maar wie was u in u Raad om te aanvaar en om 'n kennisgewing uit te stuur dat die Minister sou dit soos u dit beplan het publiseer? -- Die vorige sewe jaar was die verhogings

... / elke

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

elke jaar goedgekeur deur die Departement sonder dat dit een maal terug verwys is vir heroorweging. Vir sewe agtereenvolgende jare, waarvan die vorige een in 1983 was, dit was 'n R9,90 verhoging. Al die vorige verhogings was almal deur die Departement van Samewerking en Ontwikkeling goedgekeur. So, ons het aanvaar ter goeder trou dat 'n R5,90 verhoging onderhewig aan die goedkeuring van die Departement goedgekeur sou word.

Maar volgens u self die sake verstaan het, was dit 'n nuwe Raad met nuwe prosedure? -- Dit was nie nuwe prosedure nie. Dit was 'n nuwe Stadsraad. Al wat die Stadsraad gedoen het was om aan te gaan waar die gemeenskapsraad opgehou het.

En nuwe regulasies? Volgens u die toestand van sake verstaan het was dit onnodig voorheen om dit te publiseer? -- Alhoewel my interpretasie volgens die hoofdirekteur dit onnodig was, was dit tog goedgekeur deur die Minister. Hoewel hy dit nou nie self fisies goedgekeur het nie, deur sy amptenaar onder hom, maar dit was onderhewig aan die goedkeuring van die Minister van daardie Departement.

Miskien was dit ook een van die probleme. U weet nie? In verband met die geldigheid van daardie verhogings? -- Ek kan net vir u sê in alle redelikheid, die Minister laat hom lei deur sy amptenare onder hom. Hy self gaan nie in diepte in persoonlik om te kyk of dit regverdig is of nie regverdig is nie. Hy laat lei hom deur sy adviseurs, sy direkteur-generaal en sy mense onder hom. Hulle doen die spanwerk en dan adviseer hulle die Minister, hulle beveel dit aan en in baie gevalle teken die Minister dit nie eers self nie. Dit is 'n amptenaar wat dit teken. 'n Hoë amptenaar wat dit teken, die direkteur-generaal of die direkteur van plaaslike bestuur wat gedelegeerde bevoegdheid van die

... / Minister

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.

Minister af het.

Is dit wat die regulasies sê? -- Die regulasies sê die Minister keur dit goed en ons weet in die praktyk sit die Minister nie self daar en blaai deur die begrotings en keur dit goed nie.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 8 APRIL 1986.

Digitised by the Open Scholarship Programme, University of Pretoria, 2017.